


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 11, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2011 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Ware onderwys: Waar om dit te vind?

Slegs 'n paar jaar gelede het die *Wall Street Journal* 'n artikel gepubliseer oor hoe eerstejaars by ons groot universiteite “geleer word”. Die artikel beskryf hoe sommige “eerstejaar oriëntasies” gestruktureer is in 'n aantal van ons *Ivy League*-kampusse. **Sensitiewe lesers, wees gewaarsku!** Die volgende is nie *my* woorde nie, maar dié van die skrywer, soos gepubliseer in een van die mees gerespekteerde koerante in die wêreld: “By Princeton moet die eerstejaarklas, 'Seks op 'n Saterdag' (SoSN) gedurende die eerste week bywoon. Dit is 'n universiteitsgeorganiseerde, student-opgevoerde toneelstuk wat beplan is om te waarsku teen seksuele aanrandings en alkoholmisbruik. Baie skole het soortgelyke programme. Die edele bedoelings word egter oorskadu deur 'n verderflike boodskap: Kollege is 'n tyd om besig te raak (en nie net in die biblioteek nie)! SoSN draai om Joe, 'n leergierige jong man van die hoër stand, wat deur sy maats aangepor word om 'baie punte te behaal' gedurende sy eerste afspraak met Frances, 'n naïewe eerstejaarstudent. Hy vertrek, gewapen met kondome en sleutels, na 'n geïsoleerde liefdesnessie op die kampus. Die toneelstuk se klem verskuif dan na hulle seksmaal vriende wat hul Saterdag spandeer om planne te beraam oor hoe om meisies in die hande te kry. Intussen

word Joe en Frances smoordronk” (5 September 2007).

Eerlikwaar, ek het daar gestop om uit bogenoemde artikel aan te haal, want dit *word later baie meer beskrywend*. Hierdie artikel is egter slegs maar een van verskeie wat ek gelees het wat die *uiterste sedeloosheid* beskryf in baie van dit wat ons “hoër onderwys” noem.

Wat!

Indien daar 'n *ware* God is – **en daar is** – wat sou *Hy* dink van 'n samelewing wat hierdie soort gedrag vergewe en dit selfs insluit as 'n deel van kollege-onderdig? Alhoewel baie van ons kolleges en universiteite hul studente op 'n gevorderde vlak onderrig in vakke soos wiskunde, wetenskap en letterkunde, blyk dit dat ons “Westerse” samelewing vinniger as ooit verval!

Met verwysing na hierdie probleem, sê dr. J. Martin Klotsche, kanselier emeritus van die Universiteit van Wisconsin: “Kortliks, die feitlike uitwissing van ongeletterdheid het nie die gevolg dat ons 'n meer intelligente lewenswyse ontdek het nie. Indien daar 'n verband bestaan het tussen geletterdheid en intelligensie, sou ons in ons leeftyd 'n afname in oorlog, nasionale onenigheid, misdaad, jeugmisdadigheid en algemene sosiale wanaanpassing beleef het. Die teenoorgestelde is egter die geval.

Desnieteenstaande was hierdie geletterde 20ste eeu van ons ook die bloedigste en mees onstuimigste ... Die twee groot noodlottige gevalle van ons tyd was *waarheid* en *gewete* en tensy ons hierdie twee waardes na 'n plek van primêre belang kan herstel, sal ons pogings van onderrig tevergeefs wees" (*Vital Speeches of the Day*, 1 September 1976).

Soos sommige van u lesers reeds weet, word die *Wêreld van Môre* se tydskrif geborg deur dieselfde organisasie – die Lewende Kerk van God – wat ook die *Living University* borg, 'n instelling vir afstand-onderrig, wat kollege-kursusse met 'n heel *ander* benadering tot onderrig aanbied. Studente by die *Living University* – jonk sowel as oud – verkry begrip van die **rede** vir die menslike bestaan, die ware **doel** vir die lewe, en **hoe** om daardie doel te bereik. Die Universiteit se fakulteitshoofde is sekerlik goed opgelei in hul onderskeie vakgebiede, maar selfs belangriker as dit, is dat hulle 'n **ware begrip** het van *hoekom* ons hier is en *hoe* ware sukses in die lewe bereik kan word.

Oor die afgelope eeu het kolleges en universiteite van die Westerse wêreld ongelooflik sekulêr geword. Met 'n paar uitsonderings, het hulle nie God in erkenning gehou nie (Romeine 1:28-32). Hul fokus is op die uitbreiding van studente se kennis van die materiële wêreld deur toepassing van die wetenskaplike metode, asook

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Ware onderwys: Waar om dit te vind

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Wanneer sal

Christus terugkeer? 3

Geprofeteerde eindtydse gebeure is besig om teen 'n toenemende tempo plaas te vind!

'n Man sonder wraak? 8

Dit was 4 Maart 1861 en Abraham Lincoln was ingesweer as die sestiende President van die Verenigde State van Amerika.

Eersgeboorte

[Primogeniture] 13

In tye van ekonomiese ellende as daar niks wat die harte van die Britse publiek so kan ophef as 'n koninklike troue nie.

Ruimte-oorloë aan die kom? 16

U Bybel waarsku oor 'n tyd wanneer oorlog in die ruimte die planeet Aarde en alle lewens sal skud. Hoe sal dit u toekoms raak? U behoort te weet!

Paasfees of Pasga:

Watter een is vir Christene? 20

Hierdie lente (noordelike halfrond) sal miljarde mense Jesus Christus se opstanding herdenk deur die antieke seremonie van Paasfees te vier.

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASTIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wanneer sal Christus terugkeer?

Deur Roderick C. Meredith

Geprofeteerde eindtydse gebeure is besig om teen 'n toenemende tempo plaas te vind! Die wêreld wat u rondom u sien is besig om vinniger te verander as wat dit nog ooit voorheen in die menslike geskiedenis gebeur het. U persoonlike “wêreld” – u werk, u familie en vriende, en die gemeenskap rondom u – sal **baie anders** wees binne die volgende 10 tot 15 jaar of *minder*.

Waarom?

Omrede die Skepper, wie aan ons lewe en asem gee, spesifiek voorspel het dat *hierdie* “tydperk” – hierdie menslike samelewing soos ons dit ken – tot 'n **einde** sal kom met die wederkoms van Jesus Christus as Koning van konings. U Bybel beskryf 'n reeks “basuin-plae” wat sal plaasvind voordat hierdie huidige tydperk sal eindig met die beroemde klank van die “laaste basuin”. Ons lees: **“EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid”** (Openbaring 11:15).

Jesus Christus beskryf die tyd van Sy wederkoms as 'n tyd van **sonde** en **opstand** teen God – “soos die dae van Noag was” (Mattheüs 24:37). Die Bybel beskryf duidelik daardie “dae van Noag” as 'n tyd wanneer die

hebsugtige begeerlikhede van God-verwerpende mense sal veroorsaak dat hulle die huweliksverbond sal verdraai, dat hulle betrokke sal raak in voortdurende geweld en bloedvergieting en dat hulle hul hele **“lewenswandel”** op die aarde sal verontreinig (Genesis 6:5-13).

Steeds meer *miljoene* Amerikaanse, Britse, Kanadese en Australiese burgers is besig om hul *heeltemal te distansieer* van God, namate hulle hulself *verontreinig* deur grootskaalse hoerery – “saamwoon” sonder enige huweliksverbintenis. Talle politieke en selfs godsdienstige leiers keur “huwelike” tussen lede van dieselfde geslag goed en namate *geweld* toeneem oor die hele aarde met steeds meer etniese oorloë, godsdienstige bedreiging van **menslike uitwissing** omdat selfs “buite-die-wet” nasies toenemend besit verkry van kernwapens, kan ons waarlik sê dat die “skrif aan die muur is”. Soos Jesus sê: “So **weet** julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit *naby* is, voor die deur” (Mattheüs 24:33).

'n “Dag van afrekening”

'n Onlangse segment van die “60 Minutes”-program, met die titel “*Dag van Afrekening*”, beskryf hoe die Verenigde State

in finansiële nood verkeer – hoe *baie* van sy state en stede op die randjie van bankrotskap verkeer. Die onderhoudvoerder het eers met Kalifornië se toenmalige goewerneur, Arnold Schwarzenegger, gepraat, wat erken het dat sy staat se finansiële posisie uiters benard is en feitlik nie meer opgelos kan word nie. Kalifornië staar 'n begrotingstekort van \$19 miljard in die gesig, en het 'n kredietgradering nader aan “rommel”-status. Die staat spandeer meer geld aan openbare werknemerspensioene as aan die hele universiteitstelsel. Duisende Kaliforniërs in diens van die staat en sy stede sal ongetwyfeld hul werk verloor binne die volgende paar jaar!

Die staat van Arizona is in net so 'n benarde posisie dat dit sy staatsgebou, sy Hooggeregshofgebou en sy wetgewende kantore aan 'n groep beleggers verkoop het. Die staat *huur* nou daardie geboue van die nuwe eienaars!

Gedurende die segment van die “60 Minutes”-program het Goewerneur Chris Christie van New Jersey sy staat se uiters wanhopige finansiële toestand erken. Hy het dit betreur dat hy noodgedwonge die konstruksie van 'n lank-beplande tunnel na Manhattan, wat omtrent 6,000 werkgeleenthede sou verskaf,

moes stop. Die goewerneur het gesê: “Die reine waarheid is dat ek nie die geld het nie. En weet julle wat? Ek kan nie die mense betaal vir daardie werk as ek nie die geld het om hulle te betaal nie. Waar kry ek die geld? Ek het dit nie. Ek het dit letterlik net nie ... Die dag van afrekening het aangebreek. Dit is dit. Dit sal ook oral aanbreek. Die tyd sal 'n bietjie verskil, afhangende van in watter staat u is, maar dit gaan kom”.

Ja, soos Goewerneur Christie dit gestel het: “Die **dag van afrekening het aangebreek!**”

My vriende, namate *meer miljoene* mans en vroue in ons Westerse, belydende “Christelike” nasies hul distansieer van God en Sy naam in woord of in daad laster, *sal* die Almagtige God daarop *reageer*. Hy sal die Amerikaners en Britse afstammelinge toenemend **kasty** as gevolg van hulle skokkende **sondes**. Soos u Bybel sê, God tugtig en kasty elke seun wat Hy *liefh*et (Hebreërs 12:6). Die Bybel toon duidelik dat wanneer Hy die moderne afstammeling van antieke Israel verootmoedig, “[sal] die vreemdeling wat by jou is, ... hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. Hy sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees” (Deuteronomium 28:43-44).

Die vroeë stadium van Sy tugging is *alreeds aan die gang!* Baie van u wat hierdie tydskrif lees, besef dit. God het reeds begin om die “trotse mag”

van die Amerikaners en nasies van Britse afkoms (Levitikus 26:19) te **verbreek**. Dit is alles ter voorbereiding van die wederkoms van Jesus Christus, om uiteindelik *ware vrede* te bring deur die *regte soort regering*, want die Ewige God van die Bybel is **werklik**. Hy **sal** Sy Seun, Jesus Christus, na hierdie aarde terugstuur as Koning van die konings (Openbaring 11:15) binne *hierdie huidige geslag*. Ons “dag van afrekening” is baie naby!

Nadat Hy 'n *uitvoerige* beskrywing gegee het van 'n *reeks* gebeure wat sal plaasvind net voor Sy wederkoms, sê Jesus: “En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, *omdat julle verlossing naby is* ... So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie” (Lukas 21:28, 31-33).

Indien u werklik **glo** wat Christus sê, sal u weet wat sal plaasvind net voor Sy wederkoms. U sal ook *weet* en *glo* dat wanneer hierdie dinge aan die gang is, die mensdom inderdaad in die “laaste geslag” van die menslike beskawing is, soos ons dit geken het. U sal ook *weet* dat daar **geen moontlikheid** is dat Christus se wederkoms so ver kan wees as 'n duisend *jaar van nou af* nie!

Alhoewel dit ook sommige

van u kan skok, behoort u nogtans te verstaan dat daar **geen moontlikheid** is dat Christus se wederkoms *vannag* of *môrenag* of selfs *volgende jaar* kan wees nie! Hoe **durf** ek dit sê? Omdat God se geïnspireerde Woord aan ons sê dat “die hemel en die aarde sal verbygaan”, maar dat Jesus se beskrywing van hierdie *hele reeks gebeure nooit* sal verbygaan nie! Sekere geprofeteerde gebeure moet plaasvind, in die volgorde wat Jesus beskryf het, voordat Hy sal terugkeer. Alhoewel ons weet dat Hy *nie* in 2011 of 2012 *sal* terugkeer nie, weet ons dat Sy wederkoms binnekort **sal** wees – en dat ons werklik in die “laaste dae” is.

Is ons in die “Laaste Dae”?

Ja, daar is letterlik **dosyne** aanduidings dat ons in die geprofeteerde “laaste dae” is. Laat my net 'n paar aan u opnoem.

Een duidelike aanduiding dat ons in die “eindtyd” is, word gevind in Mattheüs 24:21-22. Jesus is gevra: “Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die **voleinding** van die wêreld?” (vers 3). Nadat Hy 'n hele reeks dinge beskryf het, sê Jesus: “Want dan sal daar **groot verdrukking** wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou **geen vlees** gered word nie; maar ter wille van die

uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (verse 21-22). Hier voorspel Jesus die mees *geweldige* en *grootste* nasionale straf in die geskiedenis en die moontlikheid van totale **menslike uitwissing** – indien God nie bonatuurlik sou ingryp nie.

Totale uitwissing – die uitwissing van alle vlees – was nie moontlik selfs tydens die Tweede Wêreldoorlog nie. Alhoewel twee atoombomme losgelaat was om die oorlog met Japan te beëindig, was daar vir maande of jare daarna *geen verdere bomme beskikbaar* nie. Volgens talle owerhede, was dit nie tot ongeveer 1957 dat daar – tussen Amerika en die Sowjet-Unie – genoeg kernwapens bestaan het om die hele mensdom te kon vernietig nie.

Dus, met die terugkeer van baie van die Jode na Israel in 1948, en die mate van kernwapen vermenigvuldiging in 1957, het ons beslis toe al die “tyd van die einde” betree – indien nie selfs voor daardie tyd nie.

In Daniël 12:4 het God aan Daniël gesê: “En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die **einde** toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder”. Let daarop dat die ontsaglike gebruik van vervoer-fasiliteite die eindtyd sou kenmerk, en dat 'n groot toename in die mens se kennis sou plaasvind – inderdaad, sedert die Tweede Wêreldoorlog, aanvaar ons dit as vanselfsprekend dat miljoene mense deur die lug voortspoed

in ons moderne vliegtuie en groot stralers. In byna elke uithoek van die aarde ry mense nou heen en weer met voertuie en reis rond op 'n wyse wat ondenkbaar sou wees voor die aanbreek van die 20ste eeu. Daarbenewens het die koms van die radio, televisie en veral nou, die wydverspreide gebruik van rekenaars, bygedra tot 'n feitelike **ontploffing** van die mens se kennis, vergeleke met vorige eeue.

Dus, Christus se wederkoms sal ongetwyfeld binne die leeftyd wees van die jong mense wat vandag grootword – baie van ons ouer mense mag ook nog leef om hierdie ontsagwekkende gebeurtenis te beleef.

Laat die Bybel die Bybel verklaar!

Dit is jammer om te sê, baie voorspellers en vertolkers van Bybelprofesieë, sal 'n gedeelte uit die Skrif lees en dan 'n *denkbeeld* vorm waaroor dit alles gaan! Die *regte manier* om die Bybel te verstaan is natuurlik om eerlik en deeglik **alle** Skrifgedeeltes wat oor dieselfde onderwerp handel saam te voeg – insluitende profesie – om dan deur deeglike studie en opregte gebed, tot volle *begrip* van die onderwerp te kom.

Byvoorbeeld, wanneer u *noukeurig* die profesieë van Daniël, Openbaring en Jesus se Olyfbergprofesie soos opgeteken in Mattheus 24, Markus 13 en Lukas 21, *met mekaar vergelyk*, tree 'n mooi

duidelike prentjie na vore van *wanneer* en *hoe* Christus sal terugkeer.

Let op Openbaring 1:1: “Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het”. Hier vind ons dat dit *Christus se openbaring* is – **nie** dié van die apostel Johannes nie! Ons lees ook dat die verklaarde *doel* is om dinge of gebeure wat binnekort “gaan plaasvind” te openbaar.

In Openbaring 2 en 3, vind ons 'n geïnspireerde beskrywing van die eras of tydperke van God se ware Kerk. Die *finale* kerk-era, Laodicéa, word gekenmerk as “louwarm”. Dus is selfs die meerderheid van die ware volk van God in die **eindtyd** blykbaar oorwin deur 'n mate van wêreldgesindheid en beïnvloed deur ons pretsoekende “eie ek” geslag. Openbaring 4 en 5 beskryf die bonatuurlike **heerlikheid** van God. Dan beskryf hoofstuk 5 hoe Christus die enigste een is wat waardig bevind is om die seëls van Openbaring te open en om met die onthulling van eindtydse gebeure te begin.

Openbaring 6 beskryf dan die *volgorde* van die gebeure van die eerste ses seëls. Bestudeer dit aandagtig, en vergelyk veral met Mattheüs 24:3-9. Eerstens vind ons die beskrywing van die “wit perd”. Dit word duidelik geïdentifiseer in Mattheüs 24:5 as 'n vloedgolf van *valse profete* wat uitgestuur

word om Christus se naam te gebruik en nogtans die massas te **mislei!** (Sien ook Openbaring 12:9). Vervolgens lees ons in Openbaring 6 van die “rooi perd” wat uitgestuur word om “die vrede van die aarde af weg te neem”. Mattheüs 24:6-7 bou hierop voort en toon dat dit nie net oorloë insluit nie, maar ook **wêreldoorlog**. Die *derde seël*, die “swart perd” van Openbaring 6, beskryf klein hoeveelhede kos wat deeglik geweeg word – duidelik 'n tyd van **hongersnood**. Mattheüs 24:7 beskryf hierdie volgende gebeurlikheid as “hongersnood”.

Dan is die *vierde seël* 'n “vaal perd” – 'n perd wat **sieklik** lyk – wat die *dood* en die *graf* meebring. Jesus stem saam in Mattheüs 24:7 dat die volgende geprofeteerde gebeurlikheid in hierdie *reeks van gebeure* wat sal lei tot Sy wederkoms, inderdaad **pessiektes** is – 'n *groot siekte-epidemie* van ongekende afmetings. Ná die beskrywing van hierdie vier **groot** aangeleenthede, sê die geïnspireerde Johannes aan ons: “En aan hulle is mag gegee oor die **vierde deel** van die aarde om **dood te maak** met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde” (Openbaring 6:8). Mattheüs 24:7 voeg ook by dat **aardbewings** ook 'n beduidende faktor gedurende hierdie tyd sal wees.

'n “Vierde deel” van die aarde sal vergaan? Die meeste geleerdes erken dat dit **nie** praat van 'n kwart van die aarde se

oppervlakte – wat in elk geval grootliks see, berge en woestyn is nie. Dit praat van 'n kwart van die **totale bevolking** van hierdie aarde! Sonder enige toename in die aarde se huidige bevolking (tans sowat 6.8 miljard), verteenwoordig 'n kwart sowat **1,7 miljard** mense wat vernietig sal word deur hierdie eerste vier “perderuiters”.

Nogtans is die geïnspireerde beskrywing van groot lyding **beswaarlik 'n voorsmaak** van die groot gebeurtenisse wat kort daarna volg!

Die GROOT VERDRUKKING

Die *vyfde seël* van Openbaring beskryf in werklikheid die *Groot Verdrukking*. Die klem val hier op die Kerk-aspek – op die feit dat baie van die mense in God se ware Kerk *vervolg en doodgemartel* sal word, soos in vorige eeue (Openbaring 6:9-11). Ander Skriftgedeeltes – waaronder Mattheüs 24:21-22; Lukas 21:22-24 en Jeremia 30:4-7 – sê egter aan ons dat hierdie gruwelike Verdrukking nie net die ware Kerk sal raak nie, maar ook die *fisiese nasies* van Israel **en** Juda – insluitend die Amerikaners en die nasies van Britse afkoms van die wêreld. Vir die Bybelse en historiese **bewys** hiervan, skryf of skakel ons vandag nog en vra ons vir 'n eksemplaar van ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Dit sal absoluut **gratis** op u versoek aan u gestuur word.

Die Groot Verdrukking behels 'n massiewe nasionale **straf** oor die fisiese nasies van Israel wat **versuim** het om hulle verbond met God te eer en wat hulself gedistansieer het en hul gewend het na grootskaalse onsedelikheid en genotsugtigheid. Hulle het 'n “vorm” van godsdienste – selfs van Christelikheid – maar *miskien* die **mag** en gesag van die Skepper God! (2 Timotheüs 3:5). Hedendaagse belydende Christene sal ongetwyfeld God se reg om Sy volk te straf, uitdaag. God antwoord: “**Wat** skreeu jy vanweë jou verbrekking, jou smart wat ongeneeslik is? Omdat jou **ongeregtheid** groot is, geweldig jou **sondes**, het Ek jou hierdie dinge aangedoen” (Jeremia 30:15).

Onmiddellik *ná* die Groot Verdrukking volg die *sesde seël*, die “hemelse tekens” (Openbaring 6:12-16). Mattheüs 24 bevestig dit weer volmaak: “En dadelik *ná* die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word” (vers 29).

Dan kom die “Dag van die Here” – die tyd van God se volle toorn oor **al** die rebelse nasies van die aarde (Openbaring 6:17). Nadat 'n groot aantal van beide die Israelitiese en heidense volke “verseël” is en beskerm word teen God se finale gramskap (Openbaring 7), dan sal die “basuin-plae” begin.

Die eerste plaag verbrand 'n

derde van die bome en **al** die groen gras van die aarde (Openbaring 8:7). Met vinnige opvolging sal die volgende plaes om die beurt 'n derde van die see in bloed verander, een-derde van die visse en 'n derde van alle skepe vernietig, die water van een-derde van die fonteine en riviere vergiftig en 'n groot deel van die lig van die son, maan en sterre verduister (verse 7-12).

Die vyfde en sesde plaes beskryf wat beskou kan word as 'n absoluut gesofistikeerde, kolossale “*Star Wars*”-tipe aanval deur die Europese Diermoonheid op sy vyande. Dan volg 'n kragtige teenaanval deur 'n **massiewe** weermag van *200 miljoen soldate* – wat waarskynlik sal bestaan uit miljoene Russiese, Mongoolse en Chinese troepe – wat **nie** aan die verwaande Europese diktator genaamd die “Dier” onderhorig is nie.

Ten slotte, na 'n uiters belangrike drie-en-een-half-jaarlang tydsperk – wat verdrukking en **ballingskap** vir die volke van Israel sal meebring, asook kragtige profetering en “waarskuwing” aan die Diermoonheid deur die “twee getuies” en beskerming vir die *ware gelowige* mense van God se Kerk (sien Openbaring 11:03, 12:14) sal Christus terugkeer in luisterryke **heerlikheid** wanneer die sewende basuin geblaas word! (Openbaring 11:15).

Ander weergawes van die storie

Intussen, *net voor* die Groot Verdrukking, sal 'n magtige **Arabiese sindikaat** bymeekaarkom en die komende Europese Diermoonheid bedreig en uitlok (Daniël 11:40-45). Let daarop dat dit tydens die “tyd van die **einde**” sal wees. Die swaarder gewapende en gesofistikeerder Diermoonheid sal soos 'n “stormwind” op hierdie “koning van die Suide” neerswiep.

Die magte van die Diermoonheid sal ook die Joodse staat van Israel oorrumpel en groot dele van die Midde-Ooste oorneem – ongetwyfeld om beheerte verkry oor die Arabiese olie-reserwes, om hul oorlogsmasjien van brandstof te voorsien! Nog 'n “**eindtydse**” gebeurtenis is die aanval op die “huis van Israel” (Jeremia 30) – die Groot Verdrukking. Dit sal ongetwyfeld 'n “tyd van benoudheid wees soos daar **nie gewees het** vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie” (Daniël 12:1). Kort na hierdie massiewe Verdrukking en die Dag van die Here, sal Christus terugkeer: “En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak” (vers 2) in die **opstanding** uit die dood met Christus se wederkoms!

Net ook voor die Verdrukking, sal die sewende “herlewing” van die Heilige Romeinse Ryk plaasvind, en 'n finale groot diktator sal die ondersteuning verwerf van tien nasionale of plaaslike leiers in Europa, wie se tien landstreke saam die finale geprofeteerde

Diermoonheid sal uitmaak (Openbaring 17:8-12). Die leiers van hierdie ontsagwekkende, militêre mag sal baie dwaaslik dink dat hulle gesofistikeerde wapentuig op een of ander manier selfs oor Christus kan seëvier! Hulle probeer teen Hom veg selfs wanneer die terugkerende Christus en die hemelse leër met mag uit die hemel neerdaal: “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (vers 14). Al hierdie dinge toon duidelik die mate van *misleiding* en geestelike **blindheid**, wat daardie tyd oor die *leiers van die aarde* gekom het. Trouens, die “god van hierdie wêreld” het absoluut “die sinne verblind” van diegene wat nie glo nie (2 Korinthiërs 4:4). Onthou asseblief, totdat Jesus Christus terugkeer na hierdie aarde, is dit **Satan se wêreld!**

Onthou ook dat hierdie toekomstige Diermoonheid nie net 'n militêre en politieke mag is nie. Dit is 'n “werktuig” wat deur die groot **hoer**, beskryf in Openbaring 17, gebruik sal word. Soos hierdie Skrifgedeeltes duidelik aan ons sê, die **vrou ry die Dier!** (Verse 3,7,9).

Die term “vrou” word gebruik in 'n aantal skrifgedeeltes in God se Woord om 'n kerk te simboliseer. In 2 Korinthiërs 11:02, is die apostel Paulus geïnspireer om die ware Kerk te

'n Man sonder wraak?

Deur Rod Mcnair

Op 'n koel en betrokke dag in Washington, DC, het die verkose President na vore getree na die spreker se tafel en hom gereed gemaak om die skare van nagenoeg 30,000 voor hom, toe te spreek. Dit was 4 Maart 1861 en Abraham Lincoln was ingesweer as die sestiende President van die Verenigde State van Amerika.

Die byt in die lug het die gemoed van 'n diep-verdeelde nasie weerspieël. "Geen inhuldigingstoespraak was al ooit gelewer in soortgelyke onrustige tye nie. Gerugte oor dreigbriewe aan Lincoln en aanvalle op Washington het deur die hoofstad versprei" (*A Lincoln*, Ronald C. White, Jr., bl. 388). Terwyl die verkose President hom voorberei het om sy amp op te neem, het die vooruitsig om 'n skietoorlog af te weer, vervaag. Slegs twee weke tevore was Jefferson Davis ingesweer as die President van 'n nuut-gestigte Konfederasie van State van Amerika. Sewe state het alreeds die Unie verlaat en 'n verdere vier sou spoedig volg. Binne slegs 39 dae nadat Lincoln die ampseed van getrouheid afgelê het, het die eerste skote geklap by Fort Sumter, naby Charleston, Suid-Karolina. 'n Oorlog wat vier pynlike jare sou duur het begin en het byna 3 miljoen vegtende mans betrek en 620,000 lewens geëis.

In Lincoln se toespraak aan die saamgetrekte skare, het hy

dit duidelik gemaak dat hy bereid was om te veg om die Unie bymekaar te hou. Hy het nogtans gearbei om 'n versoeningsklimaat te skep om indien moontlik, 'n skietoorlog te vermy. Teen die einde van sy toespraak het hy 'n kragtige oproep gedoen op die broederskap van die nasie: "**Ek is ongeneë om af te sluit. Ons is nie vyande nie, maar vriende. Ons moet nie vyande wees nie ...**".

Salig is die vredemakers

Reg deur die volgende vier jaar het gemoedere hooggeeloop in 'n gepolariseerde oorlog wat selfs gesinne uitmekaar geskeur het. Vir elke huishouding wat Lincoln se kragtige poging om die Unie staande te hou lof toegeswaai het, was daar 'n ander wat hom uitgekryt het as 'n tiran wie se aksies 'n bespotting maak van die Grondwet van die Verenigde State. Verdeeldheid in Amerika was diep gesetel en President Lincoln het persoonlik die pyn van 'n verdeelde huis ervaar: Vyf van sy vrou se bloedverwante het hulle by die Unie geskaar en agt by die Konfederasie (*House of Abraham: Lincoln & the Todds, A Family Divided by War*, Stephen Barry, bl. ix).

Terwyl hy deur sommiges gehaat en deur andere verafgod was, het Lincoln en sy hantering van die oorlog sterk gevoelens

opgewek by voorstanders van beide die Unie en die Konfederasie. Nogtans is Lincoln as 'n man algemeen gerespekteer deur vriende sowel as vyande, vir een eienskap wat baie mense verrassend sou vind in enige man in sy posisie. In sy omgang met individue, soos bevestig deur sy tydgenote en later deur geskiedskrywers, het President Lincoln hom daarop toegelê om almal met regverdigheid en menswaardigheid te behandel, sover dit vir hom moontlik was. Hy het telkens in 'n moeilike situasie "teruggeval na die grondslag van sy persoonlikheid: Eerlikheid, integriteit, medelye en genade. Dit het gelyk of hy geen gevoelens van haat, wraaksug of kwaadwilligheid koester nie" (*Lincoln on Leadership*, Donald T. Phillips, bl. 59). Hierdie eienskap was so opvallend dat baie van sy tydgenote hom beskou het as 'n swakkeling en besluitloos as gevolg van sy toegewendheid. Hy het meer kwytskeldings verleen as enige ander president voor hom of daarna.

Dit lyk of Lincoln selfs sommige van sy generaals geïnspireer het met sy gesindheid van versoening. Met die oorgawe van die Konfederasie se Generaal Robert E. Lee by Appomattox, het die Unie se Generaal Ulysses S. Grant aan die Konfederasietroepe 'n milde gebaar van

goedgesindheid betoon. Offisiere was toegelaat om hul handwapens te behou en alle Konfederasie-soldate was huistoe gestuur met hul perde en muile, sodat hulle vir die seisoen kon plant. Generaal Lee het dankbaar op hierdie aanbod reageer: "Dit sal die bes moontlike uitwerking op ons manne hê. Dit sal baie bemoedigend wees en baie doen om ons mense te verenig" (White, bl. 670).

Gedurende die formele seremonie van oorgawe wat gevolg het toe die Konfederasie se Generaal John B. Gordon en sy manne voor die Unie se soldate verbybeweeg het, was geen beledigings of gespot uit die Unie se geledere toegelaat nie. In die plek daarvan het die Unie se Generaal Joshua Chamberlain die opdrag vir die "verbymarsjeer saluut" gegee. Onmiddellik nadat hy hierdie eer wat deur mede-soldate betoon is besef het, het die Konfederasie se Generaal Gordon sy perd omgeswaai en die teken aan sy eie brigade gegee om op hul beurt te salueer. Dit het 'n diepgaande uitwerking gehad, want in stede daarvan dat die Konfederasie-soldate verneder is, het die Unie se soldate hulle met respek behandel (*The Passing of the Armies*, Joshua Lawrence Chamberlain, bl. 260-261).

Nadat die Burgeroorlog verby was, het sommige skoorsoekende stemme aangedring op teenbeskuldigings teen die Konfederasie se soldate en offisiere. President Lincoln het

egter geen twyfel gelaat dat hy hulle nie as misdadigers wil behandel nie, maar hul liever terug wil verwelkom in die kudde (Phillips, bl. 60-61). Tydens 'n na-oorlogse saamtrek by die Withuis het mnr. Lincoln die orkes gelei om "Dixie" te speel as 'n huldeblyk aan die Suidelike State.

In sy gedenkwaardige tweede inhuldigingstoespraak het mnr. Lincoln hom nie toegespits op triomf en oorwinning nie, maar op heling en versoening. Hy het daardie beroemde woorde geuiter: "**Met kwaadwilligheid teenoor niemand nie, met welwillendheid teenoor almal**, met beslistheid in die reg soos God aan ons gee om die reg te sien, laat ons daarna streef om die werk te voltooi waarin ons is, om die nasie se wonde te verbind, om vir diegene te sorg wat die geveg moes dra en vir sy weduwee en sy wees, en om alles te doen om blywende vrede tussen onself en met alle nasies te verkry en te waardeer" (White, bl. 666). Dit was President Lincoln se hoop dat die wonde van oorlog-verskeurde Amerika vinnig sou heel.

Ongelukkig het nie almal President Lincoln se visie gedeel na die tragiese sluipmoord op hom nie. Terwyl die volgende dekade heelwat vordering gesien het in "die vestiging van 'n openbare skoolstelsel, die toekenning van gelyke burgerskap aan swart mense en die poging om die verwoeste ekonomie van die Suide aan te blaas" (*A Short*

History of Reconstruction, Eric Foner, bl. xiii), was daar ook baie korrupsie en misbruik en letsels wat tot vandag toe bly.

Wat die wêreld nou nodig het

Vandag, een-honderd-en-veertig jaar later is President Lincoln se persoonlike sin van eer, genade en begeerte tot versoening nog steeds nodig – nou nog meer as ooit. Terwyl 'n kultuuroorlog Amerika en ander Westerse nasies van mekaar skei, bereik politieke teenstanders steeds nuwe vlakke van woede en wraak. Ordentlikheid in politiek is vandag eenvoudig nie 'n werklikheid nie, volgens veteraan politieke verslaggewers en sindikaat-rubriekskrywers Cokie en Steve Roberts. "Nie wanneer 'n Republikeinse wetgewer tydens die Staatstoespraak aan die President skree: "Jy lieg!" nie. Nie wanneer 'n Demokratiese fondsinsameling se beroep op mense verwys na 'vuurvretende teepartytjie domkoppe' nie ... Politici aan beide kante staan vir poste in die einste instellings wat hulle afkraak ... die ander kant is nie net verkeerd nie, maar boos" (*We Need Civility*, *The Pottstown Mercury*, 19 November 2010).

Persoonlike nydigheid in Amerika is egter nie net beperk tot die politieke verhoog nie. Baie mense in ons geslag het eenvoudig net nie geleer "maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe" (Mattheüs 5:39) nie

en hoe om konflik konstruktief te hanteer nie. Ons sien eerder dat jong mense met probleme hul klasmaats en onderwysers vermoor om hul te wreek op afknouers. Ons sien motoriste wat op mekaar skiet omdat die een nie vir die ander wil toegee op die deurpaaie nie. Ons sien verontregte werknemers wat wapens saamneem na die werk om probleme op te los. Namate rolprente, televisieprogramme en videospelietjies dade van wraak ophemel, brei 'n kwade en onvergeeflike kanker van die gees uit.

Ekonomiese probleme verdiep ook persoonlike spanning, namate gesinne verplig word om binne steeds-krimpemde begrotings te leef. Langdurige werkloosheid dra by tot druk op miljoene mense en armoede in Amerika het tot sy hoogste vlak in 50 jaar gestyg (*“About 44 million in U.S. live below poverty line in 2009, census data show,” Washington Post, 16 September 2010*). Vir diegene wat nog werk het kan vrese om 'n werk te verloor tot groter spanning en druk lei. Stres as gevolg van vrees vir opsegging van huisverbande en stygende persoonlike skuld kan geweldige druk op huwelike en gesinne plaas. Namate Amerika sy grootste finansiële krisis sedert die Groot Depressie in die gesig staar, word mense getoets op maniere wat hul nie voorheen ondervind het nie. Sal hierdie uitdagings Amerikaners sterker maak, of veroorsaak dat hulle teen mekaar draai?

Ongelukkig verwag ge-

respekteerde waarnemers burgerlike onrus – met opstande oor voedsel en ander bronne – in ons toekoms. Gerald Celente, Hoof Uitvoerende Beampte van *Trends Research Institute*, voorspel 'n chaotiese disintegrasië van die Verenigde State van Amerika. In sy artikel *“Four Scenarios for the Coming Collapse of the American Empire”*, waarsku skrywer Alfred W. McCoy dat verskeie scenario's saam kan val “in algehele onverwagte maniere, [en] 'n krisis kan veroorsaak waarop Amerikaners duidelik onvoorbereid is. Dit sal dreig om die ekonomie in 'n skielike afwaartse spiraal te draai wat hierdie land vir 'n geslag of meer aan ekonomiese ellende sal onderwerp”.

Opstande in Europa het alreeds gewelddadig geword, namate besnoeiingsmaatreëls die alreeds uitgerafelde senuwees laat knak het. Die sogenaamde PIIGS (Portugal, Ierland, Italië, Griekeland en Spanje) hang nou aan 'n finansiële garedraadje. Vakbondleiers in Frankryk het geprotesteer teen die Franse regering se plan om die aftree-ouderdom te verhoog. Besware in Engeland teen die verhoogde klasgelde het ontstoke Britse amokmakers selfs teen die Koninklike gesin laat draai. 'n Bende het selfs in Desember 2010 die motor waarin Prins Charles en sy vrou Camilla gery het, aangeval. Spanning oor ekonomiese krisisse is inderdaad wêreldwyd.

'n Nasie van vyande?

Dit is nie nou die tyd om verwar te word deur sinnelose wense vir wraak nie. Christus se opdrag om geduld en genade geld nog steeds, nou nog meer as ooit: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Mattheüs 19:19). Die vraag is, **het** ons ons naaste lief? Of, wanneer ons onder druk verkeer, laat ons toe dat gevoelens van persoonlike vergelding oorneem? Wanneer geld skaars is en tye moeilik, haal ons ons frustrasies uit op hulle om ons en behandel ons hulle soos vyande?

Ja, 'n Christen is geroep tot 'n lewe van geestelike oorlogvoering (2 Timotheüs 2:3). Soms herken ons egter nie die **werklike** vyand nie! Ons bure, ons medewerkers en ons gesinslede is **nie** ons vyande nie. Nogtans, wanneer ons onder druk verkeer, maak ons soms keuses wat ons later berou. Ons mag die verkeerde ding aan 'n geliefde sê, of mag “ophou” om met gesinslede en vriende te praat as gevolg van iets wat gesê of gedoen is in tye van stres of frustrasie. Die Bybel sê egter dat ons nie op daardie manier moet leef nie: “... vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om

te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie" (Romeine 12:17-21).

Wie is ons werklike vyand? Daar is 'n baie toornige en boosaardige gees wat ons wêreld beïnvloed en haat in die menslike gesin aanhits. Hy is 'n magtige geestelike wese: "... die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:2). In die tyd net voor Christus se wederkoms, sal hierdie wese – Satan, die duiwel – selfs groter chaos en onrus veroorsaak: "Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het" (Openbaring 12:12). Paulus vermaan getroue Christene om ons weg getrou te voltooi, "trek [dus] die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel" (Efesiërs 6:11).

Net voor Jesus Christus se wederkoms en die vestiging van Sy Koninkryk, "... sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat ... En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel" (Mattheüs 24:10,12). Die apostel Paulus waarsku dat mense in ons dag meer selfsugtig en hatig sal word namate toestande verbrokkel: "Maar weet dit, dat daar in die

laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God" (2 Timotheüs 3:1-4). Selfs party gesinslede sal mekaar verraai, soos Christus voorspel het: "Maar wanneer julle hoor van oorloë en gerugte van oorloë, moet julle nie verskrik word nie, want dit moet kom. Maar dit is nog nie die einde nie ... En die een broer sal die ander tot die dood oorlewer, en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak" (Markus 13:7,12). Die dae wat voorlê sal 'n tyd van groeiende onbeleefdheid wees – en selfs erger!

Christene met broederliefde

Gelukkig is dit nie nodig dat ons moet verval in toenemende siklusse van wrokkigheid en vyandskap nie. Jesus sê dat Sy getrouste volgelinge anders sal wees. Hulle sal geestelike Filadelfiërs genoem word (Openbaring 3:7-13), vanweë hulle goeiehartigheid teenoor hul naaste en hul passievolle ywer vir die Waarheid. Hulle sal bekend wees vir hul liefde teenoor mekaar (Johannes 13:35) – selfs omdat hulle hul vyande liefhet (Mattheüs 5:44).

Hierdie getroue Christene sal die voorbeeld van Jesus Christus volg. Selfs onder die uiterste dwang het Hy geweier om Sy vyande te haat. Hy was geesel en geslaan terwyl die manne wat hom tereggestel het Hom ongenadiglik getart het. Dit is nogtans aangeteken dat Hy gesê het: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Lukas 23:34). **Jesus Christus was 'n Man sonder wraak.** Sy voorbeeld het ander inspireer: Die martelaar Stefanus het byna dieselfde woorde geuiter terwyl hy gestenig was: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!" (Handelinge 7:60).

Wanneer ware Christene die Nuwe-Testamentiese Pasga onderhou (lees die artikel, *Paasfees [Easter] of Pasga: Watter een is vir Christene?* elders in hierdie uitgawe), leer hulle die gesindheid van ware nederigheid teenoor mekaar, net soos Christus ons deur Sy voorbeeld geleer het (Johannes 15:15). Hulle leer om andere te vergewe en nie teen hulle uit te vaar nie (Lukas 6:37). Hulle word mense met 'n sterk persoonlike karakter, "versigtig soos slange en opreg soos duive" (Mattheüs 10:16). **Dit** is die soort mense na wie God deesdae soek, om hulle voor te berei vir Sy Koninkryk. Die vraag is: Wat sien Hy in u en in my gedrag?

Met boosheid teenoor niemand nie

Jesus het 'n belangrike

gelykenis oor versoening aangebied. 'n Man het twee seuns gehad, een gehoorsaam en die ander ongehoorsaam. Die ongehoorsame seun het sy hele erfposisie verkwis deur losbandig te lewe, maar eendag het dit hom berou en hy het in uiterste nederigheid na sy vader teruggekeer.

Sy vader was in die wolke van blydschap! Hoewel hy nie sy seun se sonde of lewenswyse goedgepraat het nie, was hy dankbaar dat sy seun die weg na bekering gevind het. Hy het sy seun van ver af sien aankom, hy het hom tegemoet gehardloop, hom omhels en hom met trane terug verwelkom. Later, toe die ouer seun wraaksugtig wou hê dat sy broer verwerp moes word oor sy vroeëre misdade, het sy vader gesê: "Nee"! Hy het eerder aan sy woedende seun gesê: "Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue. Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind" (Lukas 15:31-32).

Is ons nie dankbaar dat God ons vergewe wanneer ons met hart en siel bekeer en ons tot Hom wend nie? As die ontvangers van Sy genade, indien ons soos Christus word, hoe kan ons nie gewillig wees om ons genade aan andere te betoon nie – mans of vrouens, ouers of kinders, vriende of

medewerkers – selfs nie wanneer hulle dinge wat seermaak aan ons gesê of gedoen het nie (Filippense 2:5)? Ware Christene moet alles in hul vermoë doen om "ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins" te wees (Jakobus 3:17). Selfs onder druk moet Christene nie vergelding soek nie (Romeine 12:19). Vergelding behoort aan God wat altyd met die uiterste regverdigheid en billikheid oordeel.

Tydens Lincoln se administrasie was een van die President se vele onaangename take om militêre ontslagte te hanteer. In een so 'n geval wou die militêre owerheid 'n offisier ontslaan omdat hy "skoor gesoek het met ander offisiere". In plaas van om sy ontslag goed te keur, het President Lincoln die jong man teruggestuur na sy eenheid, met 'n brief van vaderlike advies: "Jy het te veel van 'n lewe voor jou en het te veel belofte as offisier getoon, om jou toekoms ligtelik prys te gee ... **Moet glad nie baklei nie ... Geen mens wat besluit het om die meeste van homself te maak, kan tyd afstaan aan persoonlike twis nie**" (White, bl. 653). Die jong offisier, James Madison Cutts, het voortgegaan en die enigste soldaat in die Amerikaanse geskiedenis te

word om die Erepenning [Medal of Honor] drie keer te wen.

Ware Christene word aangemoedig om dieselfde advies te volg. Moet nie baklei nie. Vergewe en vergeet. Moet nie vergelding soek nie. Waarom? Omdat ons soos God moet word en ons Vader is altyd "n God van vergewing, genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid" (Nehemia 9:17).

Een-honderd-en-vyftig jaar nadat die Burgeroorlog begin het, is Amerika slegs een van baie nasies wat ongekende gevare en uitdagings in die gesig staar. Nou is die tyd vir getroue Christene om teenstand te bied teen die aandag-afleidende konflikte wat ons tyd vermors en ons gees verswak. Jesus Christus waarsku: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:34-36).

Selfs in moeilike tye – *veral* in moeilike tye – moet ons manne en vroue sonder wraak wees! **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres en/of telefoonnommers.

Londen Roep

Eersgeboorte [Primogeniture]

Deur Rod King

In tye van ekonomiese ellende is daar niks wat die harte van die Britse publiek so kan ophef as 'n koninklike troue nie. Op Vrydag, 29 April sal Prins William en Kate Middleton in Westminsterabdij, Londen, trou. Dr. Rowan Williams, Aartsbiskop van Kantelberg, sal die plegtigheid waarneem, terwyl Richard Chartres, Biskop van Londen, die rede sal voer. Die biskop is 'n ou familie-vriend van Prins William. Die eerste minister het aangekondig dat die dag as 'n openbare vakansiedag verklaar sal word, sodat die Britse publiek hulle saam met die koninklike paartjie kan verheug.

Buckingham Paleis is gretig om 'n media-sirkus met hierdie geleentheid te vermy. Foto-honger joernaliste het dikwels William se ma se lewe ondraaglik gemaak. Al was sy dikwels die liefling van die pers, blameer baie mense die oorywerige pogings van die "paparazzi" vir Lady Diana se ontydige dood in 'n Paryse padtonnel in 1997.

Prins William word wyd gerespekteer omdat hy in sy lewenswandel 'n balans handhaaf tussen koninklike waardigheid terwyl hy omgang met die gewone mense behou. Hy het onlangs sy opleiding voltooi as 'n helikopter-vlieënier

in die Verenigde Koninkryk se Soek-en-Red-Eenheid. Dit is 'n tradisie onder die seuns van die koninklikes dat hulle hul militêre opleiding in hul twintigerjare kry. Prins Charles het in 1971 gedien as 'n vlieënier in die Koninklike Lugmag en daarna, tot 1976, as 'n bevelvoerder in die Koninklike Vloot.

Die volgende koning?

Vir etlike jare al het baie mense in die pers bespiegel dat Prins William na die dood van Koningin Elizabeth II, 'n meer geskikte opvolger sou wees as sy pa, prins Charles. Die sentiment het vir 'n tyd afgeneem nadat Prins Charles met Camilla, Hertogin van Cornwall, getrou het, maar het weer opgevlam nou dat William en Kate gaan trou.

Volgens 'n verslag van *Reuters* persburo op 21 November 2010, kort nadat William en Kate hul verlowing aangekondig het, het 'n "verslag in die *News of the World* getoon dat 64 persent van die mense William en sy toekomstige bruid wou hê as die volgende in lyn vir die troon ... Die *ICM* opname het ook bevind dat minder as een uit elke vyf mense wil hê dat die kroon moet oorgaan na Charles en Camilla".

Waarom sou so 'n vraag

ontstaan? En hoekom nie 'n referendum hou om uit te vind wie die Britse publiek sou verkies as hul volgende koning nie? Die antwoord lê in 'n eeueoue tradisie wat die huidige Huis van Windsor se aanspraak op die troon voorafgaan. So lank gelede as die tye van die Saksers en Normandiërs, was Engeland regeer deur die seun (of by tye die dogter) van die vorige monarg.

Die reëling agter die aanwysing van die koning staan bekend as **Eersgeboorte [Primogeniture]**. Die Beknopte Oxford woordeboek definieer dit so: "*Pry-moh-jen-i-cher / naamwoord: 1.* Die status om die eersgebore kind te wees. **2.** Die stelsel waarvolgens die eersgebore kind, veral die oudste seun, al sy ouers se eiendom erf".

Die woord kom van die Latynse *primo* ("eerste") en *genitura* ("geboorte"). Daar is verskeie variasies van hierdie beginsel onder die koninklike families in Europa, maar in Engeland is die reël heeltemal eenvoudig en skryf voor dat Prins Charles volgende in lyn vir koning is – ongeag wat die publiek of die pers ook al mag sê. Slegs wanneer Charles eerste doodgaan of vrywillig afstand doen van sy reg op die troon – iets wat die meeste

mense as onwaarskynlik beskou – kan William dit erf in die plek van sy vader.

Die beginsel van 'n monargie is vreemd vir baie mense wat in 'n republiek woon. Hulle kan nie verstaan hoe en waarom so 'n argaïese en anachronistiese instelling nog kan bestaan nie. Nietemin is baie Kanadese, Australiërs en Nieu-Seelanders tevrede om 'n Engelse monarg as hul hoof slegs in naam te hê. Daar is 'n gevoel van standvastigheid wat voortspruit uit die Westminster se konstitusionele-monargiale vorm van regering.

In Genesis 49 het God belowe dat, in die “laaste dae”, Jakob (Israel) se seuns geseën sou word met groot rykdom en mag. Die afstammeling van hierdie twaalf stamme word tans hoofsaaklik gevind in die gebiede van die noordwestelike Europese kuslyn en die Britse Eilande – saam met hulle afstammeling reg oor die wêreld. Mense wat die *Wêreld van Môre* lank reeds lees, verstaan dat die Engelse en Amerikaanse volke afstammeling is van die antieke twaalf stamme van Israel. Hulle was hoofsaaklik die begunstigdes, alhoewel ons sien dat daardie seëninge besig is om teen 'n toenemende tempo te verdwyn.

Namate hierdie “laaste dae” hul klimaks nader, word ander profesieë aangaande daardie nasies se probleme en straf deur God, vervul. Wanneer God die Vader Sy Seun na hierdie aarde terugstuur as “Koning van die konings en Here van die here”

(Openbaring 17:14), sal Christus Sy regmatige rol as Koning van Sy Vader se Koninkryk aanneem. God die Vader sal Self die beginsel van eersgeboorte volg, met Christus wat inderdaad die “eersgeborene onder baie broers” is (Romeine 8:29), terwyl baie ander konings onder Hom sal regeer (Openbaring 1:5-6).

Die Koning van die konings

Inderdaad, die uiteindelijke vervulling van hierdie antieke tradisie sal homself openbaar in die kroning van Jesus Christus as Koning van die konings. Laat ons let op van die wonderlike profesieë aangaande hierdie naderende Koninkryk.

Ons lees: “Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer ... op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërs sal dit doen” (Jesaja 9:5-6).

Asook: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Openbaring 19 beskryf die terugkerende Jesus Christus as die Woord van God wat na hierdie aarde kom op 'n wit perd en openbaar dan: “Hy dra op sy

kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (vers 16).

Jesus Christus sal die koning van die konings wees. Wie is die konings oor wie Hy dan Koning sal wees? U Bybel stel dit duidelik dat God – op hierdie oomblik – besig is om Sy mense voor te berei om, onder Jesus Christus, op hierdie aarde te regeer. Openbaring 5:10 beskryf hierdie heersers as “ons” – wat aandui dat Johannes aan Christene in hierdie huidige tydperk geskryf het. Die vorige vers identifiseer die “ons” as diegene wie se sondes skoon gewas is in Christus se eie bloed.

Wat is die beloning van getroue Christene vandag? Dit is dat Christus “... ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen” (Openbaring 1:6). So verstommend as wat dit mag lyk, roep God ware Christene vandag om die nodige karakter te ontwikkel om Jesus Christus by te staan om vrede en voorspoed te bring na hierdie sondige wêreld. So 'n eer sal diegene te beurt val wat die wêreld en hul eie menslike natuur oorwin het. Dit is nie maklik om staande te bly en die geveg te wen teen die voortdurende versoekings van die menslike natuur van binne en die samelewing van buite nie. God sê egter aan ons dat dit die moeite werd is. Openbaring 21:7 verduidelik ons beloning: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en

Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees”.

Om meer te verstaan van die ongelooflike menslike poten-

siaal, kontak asseblief die Streekskantoor die naaste aan u (soos gelys op bl. 2 van hierdie tydskrif) en vra ons gratis boekie

U uiteindelijke lotsbestemming aan. **WYM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Paasfees of Pasga: Watter een is vir Christene?

Christus Sy volgeling beveel het om te onderhou as 'n gedagtenis aan Hom en *wanneer* hulle dit moes doen. *Waarom* het Hy dan gesê, moes hulle dit doen? In sy evangelie bewaar die apostel Johannes Jesus se verduideliking van die *rede* vir die Pasga se brood en wyn: “Ek is die brood van die lewe. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee. Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons sy vlees gee om te eet? En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Johannes 6:48, 51-54).

Christus is ons Pasga

Die gebeure van die Eksodus beeld uit wat later deur Jesus Christus vervul sou word. **Jesus Christus, die Lam van God, is ons Pasga-offer.** Soos die apostel Paulus die Korinthiërs herinner het, “want ook ons *paaslam* [*pasga-lam*] is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Korinthiërs 5:7).

Berou en bekering is nie dieselfde ding nie. Ware bekering

verander wat ons gaan doen – **dit verander ons toekoms.** Al die bekering in die wêreld **kan nie verander wat ons gedoen het** nie. Slegs een ding kan die skuld van ons sondes van die verlede verwyder – die offer van ons Pasga, Jesus Christus.

“Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is” (Romeine 5:10). Christus is opgewek op Saterdagand, na presies “drie dae en drie nagte” in die graf (Mattheüs 12:40). Ons het 'n lewende Redder wat uit die dood opgestaan het en ons hoop op die ewige lewe is deur die opstanding deur geloof in Hom. *Jesus Christus se opstanding is van groot belang vir Christene, maar ons is nie 'n Lentefees (noordelike halfrond) gegee om dit te gedenk nie.*

Die apostel Paulus se lering

Wat het die eerste eeu se Kerk verkondig en beoefen? Hier volg wat Paulus aan die Christene in Korinthe gesê het: “Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus **in die nag waarin Hy verraai is [die aand aan die begin van Nisan 14]**, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; **doen dit**

tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, **tot my gedagtenis.** Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, **verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom**” (1 Korinthiërs 11:23-26).

Dit is Paulus se uitdruklike opdrag aan die Kerk om die Pasga as 'n gedagtenis te hou – **op presies dieselfde tyd, op dieselfde manier en met dieselfde betekenis** as wat Christus Sy dissipels geleer het.

Terwyl dit duidelik is dat dit die lering en gebruik van Paulus en die Christene in Korinthe was, is dit ook insiggewend om daarop te let dat, histories, hierdie leerstelling voortgeduur het tot in die tweede, derde en vierde eeu n.C. in die kerke in Klein Asië, wat almal deur Paulus gestig en deur die apostel Johannes op sy oudag gelei was. Die Roomse Kerk, wat die viering van Paasfees voorgestaan het, het diegene wat voortgegaan het om die Christelike Pasga te vier op 14 Nisan, bestempel as *Quartodecimane* – afgelei uit Latyn vir “vier en tien”. Die Oosterse of Asiatiese Kerke het egter daarop aangedring om voort te gaan in die geloof wat aan hulle oorgelewer is deur die Apostels.

Polycarpus, Biskop van
Vervolg op bladsy 26

Ruimte-oorloë aan die kom?

Deur Richard F. Ames

U Bybel waarsku oor 'n tyd wanneer oorlog in die ruimte die planeet Aarde en alle lewende wesens sal skud. Hoe sal dit u toekoms raak? U behoort te weet!

Byna 50 jaar gelede, op 25 Mei 1961, het die Amerikaanse President John F. Kennedy vir sy nasie 'n doelwit gestel – 'n doelwit wat baie mense as onmoontlik beskou het. Hy het die Amerikaanse Kongres toegesprek en gesê: “Hierdie nasie behoort hulself te verbind om, voor die einde van hierdie dekade, die doelwit te bereik om 'n man op die maan te plaas en hom weer veilig na die aarde terug te bring”.

Kennedy se oproep het weerklank gevind by baie Amerikaners. Mense was nog altyd bekoor deur die buitenste ruimtes – en inderdaad, dit behoort so te wees. Soos die Psalmdigter skryf: “Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande” (Psalm 19:2).

In antwoord op Kennedy se uitdaging, het die Amerikaanse ruimteprogram duisende wetenskaplikes en ingenieurs gewerf. Vervaardigers het nuwe tegnologie ontwikkel om vuurpyle, rekenaars en navigasie-toerusting te vervaardig. Dit was 'n bietjie meer as agt jaar ná Kennedy se uitdaging dat Apollo 11 se ruimtevaarder Neil Armstrong op 20 Julie 1969 uit die maankapsule gestap en verklaar het: “Dit is een klein treetjie vir die mens, een groot sprong vir die mensdom”.

Drie-en-'n-half jaar later, in Desember 1972, het Apollo 17 se ruimtevaarders Eugene Cernan en Harrison Schmitt, die

elfde en twaalfde Amerikaners geword om op die maan te loop. Niemand is sedertdien terug daarheen nie. Nou egter, is nasies soos Indië en China besig om ruimteskepe te lanseer en berei hul voor vir hul eie bemande maansendings.

Die Volksrepubliek van China het toegetree tot die ruimtewedloop en het gesofistikeerde ruimtebates ontwikkel, insluitende die vermoë om 'n satelliet af te skiet! Die *China Real Time Report* wat op die *Wall Street Journal* se Webtuiste geplaas was, toon 'n artikel getiteld: “*China a Step Ahead in Space Race*”. “Dit lyk of China die klomp verbysteek in Asië se ruimtewedloop, nadat hulle hul planne aangekondig het om hul tweede maanverkenningstuig, *Chang'e-2* te lanseer op 1 Oktober 2011 – China se Nasionale Dag. Indien die missie suksesvol is, sal dit China nog 'n tree voor Indië plaas in die wedloop om die tweede nasie, naas Amerika, te word om 'n ruimtevaarder op die maan te laat land. China het hom verbind om dit te vermag teen 2025 en Indië teen 2020 en daardeur 'n 21ste eeuse Asiatiese weergawe van die Koue Oorlog ruimtewedloop tussen Amerika en die Sowjetunie daar te stel” (28 September 2010).

Neem ander Asiatiese nasies ook aan die ruimtewedloop deel? Die *WSJ* artikel stel dit so: “Intussen het Japan verlede jaar [2010] in

Junie sy eerste maansatelliet gelanseer en hierdie jaar [2011] 'n plan aangekondig om binne vyf jaar 'n robot na die maan te stuur asook 'n onbemande basis daar te bou binne 10 jaar”.

Europa het ook ruimte doelwitte. Die President van die Europese Raad, Herman Van Rompuy sê die volgende: “Ons moet Europa bevorder as 'n ruimtemoondheid. Om dit te vermag, moet ons voortbou op die ondervinding van die *ERA* [Die Europese Ruimte Agentskap]. Die ERA moet versterk word om volle verantwoordelikheid te aanvaar vir die implementering van die ruimtesendings wat Europa se status as wêreldmoondheid vereis” (*ESA News*, 29 Oktober 2010).

Amerika se sending na Mars?

Op 15 April 2010 het Amerika se President Barak Obama 'n belangrike toespraak gelewer by die Kennedy Ruimte Sentrum in Florida en 'n verandering in Amerika se ruimtebeleid aangekondig. Hy het aangekondig: “Vroeg in die volgende dekade sal 'n paar bemande vlugte die stelsels wat nodig is vir verkenning buite die aarde se lae wentelbaan, uittoets en nagaan. Teen 2025 verwag ons nuwe ruimtetuie wat ontwikkel is vir lang reise, wat ons sal toelaat om te begin met die eerste ooit bemande sendings verder as die maan, die diepe ruimte in. Ons sal dus begin deur ruimtevaarders vir

die eerste keer in die geskiedenis, na 'n asteroïde te stuur. Teen die middel 2030's, glo ek, sal ons mense in 'n wentelbaan om Mars kan plaas en hulle weer veilig terugbring na die aarde. Daarna sal 'n landing op Mars volg. Ek verwag om hier te wees om dit te sien”.

Om ruimtevaarders op Mars te laat land en hul later weer terug te bring na die aarde, vereis baie meer brandstof en ander hulpbronne as 'n tog na die maan. Met dit in gedagte, het die *National Aeronautics and Space Administration* (NASA) ernstig 'n **eenrigting**-vlug na Mars oorweeg. Een koerantberig het dit só verduidelik: “NASA is op die uitkyk vir vrywilligers om na Mars te vlieg – die haakplek is dat jy nie sal terugkom nie. Hulle ondersoek aktief die moontlikheid om die wêreld soos die Rooi Planeet, met mense te koloniseer. Die setlaars sal van voorrade vanaf die aarde voorsien word, maar hulle sal gaan met die wete dat dit te duur sal wees om hulle weer terug te bring. NASA het aangekondig dat hulle alreeds meer as \$1 miljoen ontvang het om met die projek te begin by hul Ames Navorsingsentrum in Kalifornië. Pete Worden, direkteur van die sentrum, wat beweer dat mense teen 2030 op Mars sal kan leef, ten spyte van die onherbergsame toestande, het gesê: 'Die menslike ruimteprogram se doelwit is nou om ander wêreld te vestig' (“*NASA Mars mission a one-way trip, it's the biggest dead-end job ever*”, *The Herald Sun*, 29 Oktober 2010).

Sal enigiemand aanbied om vrywillig op 'n eenrigting vlug na Mars te gaan? 'n Medewerker

van *New York Times Op-Ed*, het hierdie verslag gegee: “Indien dit onrealisties klink as voorgestel word dat ruimtevaarders gewillig sal wees om hul huise te verlaat om nooit lewendig terug te keer nie, oorweeg dan die resultate van verskeie informele opnames wat ek en verskeie kollegas onlangs uitgevoer het. Een van my ewe-knieë in Arizona het onlangs 'n groep wetenskaplikes en ingenieurs van die *Jet Propulsion Laboratory* vergesel op 'n geologiese velduitstappie. Gedurende die dag het hy gevra hoeveel van hulle gewillig sou wees om op 'n eenrigting missie die ruimte in te gaan. Elke lid van die groep het sy hand opgesteek. Die bekoring van ruimtevaart bly bedwelmend vir 'n geslag wat grootgeword het met '*Star Trek*' en '*Star Wars*’”. (“*A One-Way Ticket to Mars*”, Lawrence M. Krauss, 1 September 2009).

Nie net nasies stel belang in verkenning van die ruimte nie – privaat maatskappye en avontuurlustige individue wil dit ook graag die ruimte in waag. *Boeing*, die wêreld se grootste ruimtevaartmaatskappy, het 'n plan aangekondig om toeriste die ruimte in te neem. Lees hierdie verslag: “*Boeing* het Woensdag gesê dat hulle begin het met die ruimtetoerisme besigheid ... Die vlugte, wat so vroeg as 2015 kan begin, sal heel waarskynlik vanaf Kaap Canaveral in Florida gelanseer word na die Internasionale Ruimtestasie. Die Obama Administrasie het voorgestel dat die besigheid om NASA ruimtevaarders die ruimte in te neem, oorgedra moet word aan privaat maatskappye. *Boeing* en *Bigelow Aerospace* van Las

Vegas het hierdie jaar 'n \$18 miljoen kontrak verkry vir die voorlopige ontwikkeling en toetsing van 'n kapsule wat sewe passasiers sal kan dra. Die huidige NASA planne benodig vier ruimtestasie bemanningslede om op 'n keer op te gaan, wat dan tot drie sitplekke beskikbaar sal hê vir ruimtetoeriste. Die vlugte sal die eerstes wees om aan nie-professionele ruimtevaarders die geleentheid te bied om in 'n ruimtetuig in 'n wentelbaan te gaan, wat van Amerika gelanseer is. Sewe vroeëre ruimtetoeriste het besoeke aan die ruimtestasie afgelê aan boord van die Russiese *Soyuz*-kapsules”. (“*Boeing Plans to Fly Tourists to Space*”, *New York Times*, 16 September 2010).

Wapens in die ruimte

Mense wil al baie lank die ruimte bokant die planeet Aarde beheer. Veertig nasies bedryf nou satelliete in die ruimte. Dit is ook geen geheim dat ontwerpers van militêre wapens nou ruimte gebaseerde lasers en partikel-straal wapens wat kern aangedrewe is, beplan nie. Generaal Joseph Ashy, Hoofbevelvoerder van die Amerikaanse Ruimtebeheer en 'n sleutelfiguur in Amerika, het dit etlike jare gelede onomwonde gestel: “Dit is polities sensitief, maar dit gaan gebeur ... ons gaan in die ruimte veg. Ons gaan uit die ruimte uit veg en ons gaan die ruimte in veg ... Dit is waarom Amerika programme ontwikkel het in gerigte energie en tref-omte-dood meganismes. Ons sal in hierdie twee missies uitbrei – ruimtebeheer asook die aanwending van ruimtemag – omdat hulle toenemend

belangrik sal word. Ons sal eendag veg teen aardgebonde teikens – skepe, vliegtuie en landteikens – vanuit die ruimte. Ons sal veg teen teikens in die ruimte vanuit die ruimte” (*“Waging War in Space”, Nation, 9 Desember 1999*).

Oorlog in die ruimte sal ook die gevaar van 'n toevallige kernskermutseling verhoog, wat aanleiding kan gee tot algehele vernietiging van die moderne Westerse beskawing. Die artikel gaan voort met hierdie kommerwekkende voorbeeld: “Is oorlog in die ruimte onafwendbaar? Die gedagte van so 'n oorlog doen reeds die rondte sedert Sputnik, maar vir die grootste deel van die Koue Oorlog het dit veilig gebly binne die gebied van wetenskapfiksie en die versigtig verbode Amerikaans-Russiese wapenwedloop. 'n Dosyn lande kan nou die ruimte bereik met satelliete – derhalwe ook met wapens. China het in Januarie 2007 gepronk deur een van sy eie weersatelliete 530 myl bo die planeet af te skiet” (*“U.S. leads in preparing for war in space”, New York Times, 9 Maart 2008*).

Die Amerikaanse Adjunk-Staatssekretaris, Robert G. Joseph, het dit duidelik gemaak dat sy nasie kragdadig sal optree om sy ruimtestelsels te beskerm: “Ons behou die reg voor om onself te beskerm teen vyandige aanvalle en inmenging met ons bates in die ruimte. Ons sal derhalwe andere teenstaan wat graag hulle militêre vermoëns wil aanwend om ons toegang tot en benutting van die ruimte te kortwiek of te verbied. Ons sal die beste bekwaamhede soek om ons bates in die ruimte te beskerm op hetsy aktiewe of

passiewe maniere” (*“Talk of Satellite Defense Raises Fears of Space War”, Washington Post, 17 Desember 2006*).

Bedreiging deur ruimte-wesens?

Namate die mens sy mag in die ruimte uitbrei, wat sal ons daar vind? Vir dekades het die populêre kultuur bespiegel oor ruimtewesens wat die aarde ontdek. Partykeer was daardie wesens goedgesind en vriendelik. Soms was die ruimtewesens egter net so gewelddadig en oorlogsugtig soos mense.

Bestaan daar ruimte-wesens? Stephen Hawking, fisikus aan die Universiteit van Cambridge, dink so en hy dink dat ons versigtig moet wees. Neem hierdie nuusberig in aanmerking: “Die ruimtewesens is daar buite en die aarde moet liewer waaksaam wees, ten minste volgens Stephen Hawking. Hy gee te kenne dat buite-aardse wesens byna verseker bestaan – maar eerder as om hulle te soek, moet die mensdom alles moontlik doen om enige kontak met hulle te vermy ... Hy gee te kenne dat buite-aardse wesens die aarde se hulpbronne eenvoudig net sal stroop en dan sal aanbeweeg ... Hy kom tot die slotsom dat om kontak te probeer maak met buite-aardse wesens net "n bietjie te gewaagd is". Hy sê: 'Indien buite-aardse wesens ons ooit sou besoek, dink ek, sal die resultaat omtrent dieselfde wees as toe Christopher Columbus die eerste keer in Amerika geland het, wat nie so goed afgeloop het vir die Amerikaanse Inboorlinge nie” (*“Don't talk to aliens, warns Stephen*

Hawking”, The London Sunday Times, 25 April 2010).

Hawking se bespiegelings klink meer na fiksie as na gesonde verstand. U Bybel onthul egter die waarheid dat 'n Verlosser sal neerdaal uit die buitenste ruim en na die aarde sal kom om verlossing, voorspoed en vrede saam te bring. Hy sal die magte van Satan en die mense wat 'n bose, anti-God diktator ondersteun, oorwin.

Geprofeteerde ruimte-oorloë

Die boek Openbaring in u Bybel voorspel 'n groot oorlog in die hemele. Die groot teenstander, Satan die duiwel, word in die Bybel ontmasker. Hy was in 'n vroeëre poging om God se troon oor te neem, verslaan. Gaan hy 'n laaste poging aanwend om God te oorwin? Een van die grootste ruimte-oorloë in die geskiedenis moet nog plaasvind voor Christus se wederkoms. Dit sal 'n geveg wees tussen God se engele-mag en Satan se demoniese leer. “En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei [mislei], hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:7-9).

Hierdie mylpaal lui 'n opeenvolgende reeks eindtydse gebeure in wat tot die Messias, Jesus Christus, se wederkoms sal lei. Satan sal daardie oorlog

in die hemel verloor. Hy sal so woedend wees dat hy sy gramskap sal uithaal op fisiese mense. Hoe sal u weet dat 'n groot ruimte-oorlog plaasgevind het? Die hemelse boodskap gaan voort: “Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Openbaring 12:12).

Satan die duiwel sal groot verdrukking op planeet Aarde veroorsaak. Ons sal dit nodig hê om op God te vertrou vir beskerming tydens die gevaarlike tye wat voorlê! Tydens die tyd van Satan se gramskap, die Groot Verdrukking, waarvan Jesus praat in Mattheüs 24:21-22, sal Satan God se Kerk aanval. God sal die “vrou” – die Kerk (Openbaring 12:13-16) beskerm. Satan sal dan 'n onbeskernde **oorblyfsel** van God se Kerk, ware Christene “wat die geboorte van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou” (Openbaring 12:17), aanval. Diegene wat getrou bly, sal in die eerste opstanding wees om met die laaste basuin, Christus in die lug te ontmoet (1 Korinthiërs 15:51-52; 1 Thessalonicense 4:16).

Dank God dat Satan net 'n kort tydjie sal hê voordat hy gebind en vir 'n duisend jaar in die afgrond gewerp sal word (Openbaring 20:1-3). U behoort egter waaksaam te wees en te bid, en die geprofeteerde ruimte-oorlog wat voorlê, te verstaan.

Ons het die Bybelse beskrywing van een groot oorlog in die hemel gesien. 'n Laaste

oorlog sal nog plaasvind wanneer die wêreld se militêre magte sal veg teen die invaller “uit die ruimte”. Met Christus se wederkoms sal nie almal Hom van die begin af aanvaar as hulle Verlosser nie. Sommige mense sal hom vrees as 'n indringer wat gekom het om hul mag weg te neem. Kan u uself voorstel dat die gekombineerde krag van al die nasies se militêre mag losgelaat sal word teen Christus wanneer Hy uit die hemel neerdaal? Ja, die weermagte van die rebelse nasies sal teen die Messias veg wanneer Hy uit die hemel terugkeer! Hoe sal Hy daarop reageer? Johannes beskryf die toneel: “Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:11-16).

Wat sal die resultaat wees van die geveg? Johannes beskryf dit: “En ek het een engel sien staan in die son; en hy het

met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot” (Openbaring 19:17-18).

Jesus Christus sal al die nasies wat Hom teenstaan, oorwin. Ons lees: “En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees” (Openbaring 19:19-21).

Van oorlog na vrede

Die triomferende Prins van Vrede sal Sy regering vestig om oor alle nasies te heers. Die Koninkryk van God sal die nasies op planeet Aarde regeer met regverdigheid en billikheid. Dit is die goeie nuus waaroor ons verheug is!

Wie sal dus die ruimtewedloop wen? Die bemoedigende antwoord is: Jesus Christus sal wen! Hy beskik oor al die mag in die heelal. Christus “[dra] alle dinge

Vervolg op bladsy 26

Paasfees of Pasga: Watter een is vir Christene?

Deur Dexter B. Wakefield

Hierdie lente (noordelike halfgrond) sal miljarde mense Jesus Christus se opstanding herdenk deur die antieke seremonie van Paasfees te vier. Alhoewel hierdie fees se naam en seisoenale viering dateer voor Christelike en die Paas-sondag viering nie eens ooreenkom met die regte dag van Christus se opstanding nie, aanvaar die meeste belydende Christene dat die nie-Christelike fees nou “verchristelik” het tot iets waarmee Jesus Christus tevrede sou wees. Is hul aanname egter korrek? Christene wat die Bybel deeglik bestudeer, wat noukeurig let op die historiese annale, sal tot 'n heel ander gevolgtrekking kom. In plaas van om Christus se opstanding op die verkeerde dag te vier, sal hulle liever Sy offer herdenk deur die Christelike Pasga te onderhou op die wyse wat die vroeëre Kerk dit gedoen het – op die manier wat Hy beveel het – soos ons dit in die Skrif vind. Skok dit u? Lees verder!

“Verchristeliking” van die feeste van antieke seks-godinne?

Die oorsprong van voor-Christelike Paasfees in heidense kulture is welbekend in die geskiedenis. In die antieke wêreld was sommige van die grootste vroulike godhede die verskeie vleeswordings van die groot vrugbaarheids-godinne bekend as Istar (Babilonies), Astarte (Fenisies), Atargatis

(Filistyns), Astarot (Hebreeus), Eastre (Anglo-Saksies), Ostara (Duits) en Afrodite (Grieks).

Hierdie godinne word beskou as essensieel dieselfde godheid, te wyte aan die ooreenkomste van hul mitologie, aanbidding, name en feeste. Hierdie faktore is wat 'n godheid omskryf namate hul aanbidding tussen kulture rondbeweeg. Die primêre vrugbaarheidsfeeste vir hierdie godhede (en hul manlike metgeselle wat aan hulle verbind word) was in die lente (noordelike halfgrond) – 'n tyd van vernuwing en geboorte.

In *The Myth of the Goddess*, skryf Anne Baring en Jules Cashford, “Ons lees nou oral van godinne en gode wat hul bestaan te danke het aan een Allereerste Godin wat die oorsprong is van alle dinge ... Die godin het baie name en baie verskillende stories word oor haar vertel, maar een *storie is onveranderd* regdeur die Nabye Ooste. Hierdie godin raak afgesonder van die een vir wie sy lief is, wat sterf of oënskynlik gesterf het, en in 'n duisternis, genoem 'die Onderwêreld', verval. Hierdie skeiding word gereflekteer in die natuur as die verlies van lig en vrugbaarheid. Die godin daal neer om die donkerte te oorwin, sodat haar geliefde weer kan terugkeer na die lig, en die lewe kan voortgaan.

“Afrodite is hoofsaaklik 'n nasaat van die Mesopotaanse

Godin *Inanna-Istar*, wat Astarte in Fenië geword het, Atargatis deur die Filistyne genoem is en Astarot deur die Hebreërs. Inanna se metgesel, Dumuzi en Istar se Tammuz het in die Griekse tradisie Afrodite se Adonis, die sterwende en opgewekte seun-geliefde, van die godin in 'n nuwe vorm geword.

“Die Griekse godin Afrodite het haar geliefde, die skone Adonis verloor ... Die godin het hom nou nie langer self gered nie, maar moes die god Zeus vra om hom te laat terugkeer na lewe vanaf lente (noordelike halfgrond) tot herfs (noordelike halfgrond), die vrugbare seisoen van die aarde. Uiteindelik sterf Jesus, die seun van die Maagd Maria ... Christus word 'gered' deur Sy Vader in die Hemel, maar, net soos die ander, stem sy terugkeer ooreen met die datum van die aarde se vernuwing. Paasfees [*Easter*] word gevier op die Sondag wat volg op die eerste volmaan na die lente (noordelike halfgrond) dag-en-nag-ewening, sodat Christus se opstanding, net soos die ander voor hom, ook die winter se oorgang na die lente (noordelike halfgrond) reflekteer” (bl. 145-147).

'n Ander baie bekende kulturele antropoloog, Joseph Campbell, kom tot die gevolgtrekking dat die “Christelike” gebruik van Paasfees “plaasvind op die datum van die jaarlikse

opwekking van Adonis, wat in **die Christelike kultus Paasfees geword het**. In beide die heidense en die Christelike kultus, is die opstanding dié van 'n god" (*Occidental Mythology*, bl.138).

Hierdie skrywers dui 'n uitgangspunt aan wat algemeen gehuldig word deur kulturele antropoloë dat daar 'n opsigtelike voortsetting is in "verchristelike" heidense kulture met hul heidense verlede. Hulle het met verloop van tyd 'n neiging gehad om Christelike temas, as 'n vernis bo-oor hulle bestaande heidense gebruike aan te wend, wat reeds diep ingewortel is in hul gemeenskappe en psiges. Hulle beweer dat, in die geskiedenis, die insluiting van Pase as 'n herdenking van Christus se opstanding, 'n aanpassing is van 'n vroeëre heidense opstandingsfees. **Die gebruik het nie in Christelike ontstaan nie.**

Hoewel dit waar is dat die meeste Christene Paasfees vier, met die veronderstelling dat dit Christus se opstanding gedenk, **beveel die Bybel eintlik Christene om 'n herdenking van Sy offerdood te onderhou!** Toe Christus Sy volgelingen beveel het om die Pasga, met 'n nuwe, vervulde Christelike betekenis, te onderhou, het dit 'n herdenking van *Sy offerdood* as die Lam van God geword – **nie van Sy opstanding nie**. Christus het dit vermy om die betekenis van Sy unieke offer te verwar met die welbekende heidense "opstanding"-seremonies van Sy tyd en daarvoor.

Eintlik sluit God se Heilige

Dae 'n datum in om die opstanding van getroue Christene, met die wederkoms van Jesus Christus, te gedenk (1 Korinthiërs 15:12-20, 50-52). Daardie Heilige Dag staan bekend as die Fees van Basuine, wat in die herfs (noordelike halfrond) val (Levitikus 23:24), en nie in die lente (noordelike halfrond) nie. Soos ons spoedig sal sien, word die gebruik en betekenis van die Christelike Pasga uitdruklik in die Bybel geleer, en die Kerk van die eerste eeu het dit ook geleer.

Nogtans, toe Christelikheid deur die opvolgende geslagte na heidense gebiede versprei het, was party kerke geneig om terug te val na vorige heidense kulturele gebruike van hulle eie gemeenskappe en het weg-beweeg van godsdienstige gebruike wat verbind kon word met Judaïsme.

Die gevolg was dat die korrekte onderhouding van Pasch, of Pasga, verander is, beide wat die datum en betekenis betref. Historici in die hoofstroom Christendom het die verandering erken. Die *New Catholic Encyclopedia* verduidelik: "Die betekenis van die Joodse Fees was nie alleen deur die Christene verander nie, maar ook die datum daarvan. Die Joodse metode om die datum vas te stel, die 14de dag van Nisan, het dit nie beperk tot een [Romeinse kalender] dag nie; op 'n baie vroeë tyd het [Roomse] Christene hul Paasfees verskuif na die Sondag wat volg op die Joodse feesdag" (1967, vol. 5, bl. 7). Pasch is Latyn vir Pasga, maar ten tyde van die verandering van

datum en betekenis word hierdie feesviering meer geïdentifiseer met die Afrikaanse woord *Paasfees*.

"Die Asiatiese gebruik in die tweede eeu om Paasfees op dieselfde dag as die Joodse Pasga [Pasch] te onderhou het in botsing gekom met die Roomse gebruik om Paasfees te vier op Sondag, die dag van die Opstanding ... Albei vierings was aanvanklik toegelaat, maar geleidelik was gevoel dat dit onvanpas is dat Christene Paasfees moes vier op 'n Joodse feesdag en daar is 'n beroep gedoen vir eenheid in die viering van hierdie belangrikste Christelike fees" (bl.8).

"Quartodecimanisme [beteken die gebruik om die Pasga te onderhou op 14 Nisan volgens die Hebreeuse kalender] wat in die tweede eeu oorheersend was in Klein Asië en Sirië, het *die dood van Christus* beklemtoon, die ware Pasga slagoffer (Johannes 18:28, 19:42), terwyl die Roomse gebruik die viering van Sondag as die dag van die *Opstanding* beklemtoon ... Namate die Christendom geskei is van Judaïsme, het **heidense Christene beswaar gemaak teen die viering van hierdie allerbelangrikste Christelike fees op dieselfde dag as die Joodse Pasga**" (vol. 12, bl. 13).

Verchristelike vernis of soliede Skriftuurlike gebruik?

Dit is duidelik dat Paasfees 'n "verchristelike" heidense fees is. In die Skrif veroordeel God sterk enige poging om Hom te aanbid volgens gebruike wat oorgeneem is van die aan-

bidding van vals gode. Let op hoe Hy Israel beveel het:

“As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstriek word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; **jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie**” (Deuteronomium 12:29-32).

God beveel ons duidelik om nie heidense godsdienstige gewoontes weer in gebruik te neem om Hom te aanbid nie. Ons moet God aanbid soos *Hy dit beveel*, nie soos ons redeneer nie. Deur Paasfees te vier, *voeg ons sekerlik by*, by wat God ons beveel het en ons verwerping van die Christelike Pasga *doen sekerlik weg* met wat ons as Christene beveel is omdoen.

Christus sê: “Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer **My** met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar *tevergeefs* vereer hulle **My** deur leringe te leer wat gebooi van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die

oorlewering van mense vas” (Markus 7:6-8).

Die Evangelies dui aan wat ons te doen staan

Sommige mense mag verbaas wees om te hoor dat die Nuwe Testamentiese Evangelies baie te sê het oor die werklike gebruik wat Jesus en Sy dissipels gevolg het die nag voor Jesus se dood: “Toe stuur Hy Petrus en Johannes en sê: Gaan berei die *pasga* vir ons, dat ons dit kan eet ... Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; **doen dit tot my gedagtenis**. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word” (Lukas 22:8, 13-20). Hy het ook die dissipels se voete gewas en hulle beveel om dieselfde vir mekaar te doen (Johannes 13:1-15).

Christus het gesê dat hulle die Pasga moet eet en dat hulle dit “tot **my** gedagtenis” moet doen. Hy het hulle beveel om daardie nag as '**n gedagtenis aan Hom** te onderhou, en Hy het hulle die manier gewys hoe dit onderhou moet word, deur gebruik te maak van ongesuurde brood as 'n simbool van Sy liggaam en wyn as 'n simbool van Sy bloed.

Wanneer moet die Pasga onderhou word?

Kyk nou op watter dag van die Hebreeuse kalender het hierdie dinge plaasgevind. Dit is belangrik om daarop te let dat,

volgens Bybelse berekening, 'n dag met sonder begin en met sonder eindig, die volgende dag.

Die Eerste Dag van Ongesuurde Brood, 'n jaarlikse Heilige Dag, val op 15 Nisan van die Hebreeuse kalender en begin teen die aand wanneer 14 Nisan eindig (Levitikus 23:5-6). In Christus se tyd het die Jode die Pasga-lam die namiddag van 14 Nisan geslag, omtrent dieselfde uur wat Christus, die Lam van God, aan die hande van die Romeine gesterf het. Christus se laaste maaltyd het plaasgevind aan die *begin* van 14 Nisan, op die aand *vóór* die kruisiging. Daardie nag het Judas Hom verrai, Petrus het Hom verloën en Hy is voor die Hoëpriester geslaan (Mattheüs 26:30-75; Johannes 18:1-27).

Die volgende oggend – nog steeds 14 Nisan – was Hy deur Pilatus verhoor, veroordeel, geysel en gekruisig (Mattheüs 27; Johannes 18:28-40). Let op, in Johannes 19:31 moes Christus begrawe word *vóór* die aand: “... dat die liggeme nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot”. Hierdie Skrifgedeeltes wys ontseeglik dat die Pasga-gedenkdien wat Christus ingestel het, in die aand aan die *begin* van 14 Nisan was. Dit was die aand voordat die Jode die Pasga gevier het, wat hulle in die aand, aan die begin van die Heilige Dag van 15 Nisan, gehou het.

Die betekenis van die simbole

Ons het nou gesien *wat Vervolg op bladsy 15*

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Baie mense glo dat 'n mens se siel of gees van die liggaam geskei kan word en na ver afgeleë plekke buite die liggaam se bereik, kan beweeg. Dit is nie net 'n “New Age” of “Oosterse geloofs”-idee nie; selfs mense wat hulself Christene noem, glo in “astrale projeksie” of “buite-die-liggaam ondervindings”. Leer die Bybel ons dat 'n mens se siel of gees buite die liggaam kan funksioneer?

ANTWOORD: Daar is mense wat stories vertel het van 'n “buite-die-liggaam ondervinding” tydens operasies, of dat hulle “astrale projeksies” beoefen het (waarin die siel veronderstel is om na ver plekke weg te beweeg, terwyl die liggaam agterbly). Het die apostel Paulus 'n soortgelyke ondervinding beskryf?

In 2 Korinthiërs 12:2-4 het Paulus, netsoos in die vorige twee hoofstukke, sy eie ondervindings as 'n prediker van die ware Evangelie beskryf. Hy skryf: “Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede – of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit – dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man – of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit – dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie”.

Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus in die vorige vers (vers 1) verduidelik het dat hy tot by “gesigte en openbarings” van die Here sal kom. Die Griekse woord wat vertaal is as “gesigte” is **optasia**, en beteken “iets wat mens sien of 'n visioen wat aan iemand gegee word, hetsy slapend of wakker”. Die Griekse woord wat vertaal is as “openbarings”, is **apokalupsis** en beteken “om bloot te lê, om 'n onthulling van waarheid te ontbloot, instruksie rakende dinge wat voorheen onbekend was”. In hierdie verse erken Paulus dat hy **nie** fisiese ondervindings meedeel nie.

Beskryf Paulus tog hier 'n buite-die-liggaam ondervinding? Hy sê aan ons dat sy fisiese ondervinding so intens was dat hy nie kon onderskei of dit slegs maar 'n visioen in sy gedagte was en of hy werklik na die hemel geneem was nie. Hoewel Paulus duidelik van visioene gepraat het aan die begin van 2 Korinthiërs 12, het hierdie besondere visioen so werklik gevoel dat hy nie in staat was om te verduidelik wat gebeur het nie, behalwe dat dit vir hom gevoel het **asof** hy “buite-die-liggaam” was. Paulus maak nie sy eie gevolgtrekking nie, hoewel hy twee keer duidelik sê dat “God (nie Paulus nie) weet” wat die aard van sy geestelike ondervinding van die Paradys was.

Ander soortgelyke gedeeltes kan ons help om Paulus se bewoording in die regte konteks te

verstaan. Hy skryf aan die Kolossense: “Want al is ek ook na die vlees afwesig, tog is ek by julle in die gees, en ek verbly my om julle goeie orde te sien en die vastigheid van julle geloof in Christus” (Kolossense 2:5). Sê Paulus aan die Kolossense dat hy sy liggaam verlaat het om by hulle te wees? Natuurlik nie!

Net so, in hierdie verband, let op Paulus se woorde in 1 Korinthiërs 5:3. Hier skryf hy hy is “liggaamlik afwesig maar in die gees teenwoordig”. Die Skrif maak dit duidelik dat vir Paulus om “in die gees teenwoordig” te wees, 'n natuurlike menslike verskynsel is waartydens sy invloed of simpatie waardeur kon word sonder sy liggaamlike teenwoordigheid. Dit was **nie** 'n soort van “op twee plekke gelyktydig wees” of 'n bo-natuurlike reis nie.

Die Skrif help ons om gedeeltelik te verstaan wat Paulus se visioen nie was nie. Die apostel Johannes herinner ons: “En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Johannes skryf daardie woorde ná Christus se opstanding. Indien Paulus werklik na die hemel opgevaar het tydens sy visioen, dan was Johannes se woorde nie die waarheid nie. Paulus het eerder 'n visioen ervaar, soortgelyk aan die visioen wat in Matteüs 17:1-9 beskryf word. In daardie gedeelte is die woord wat Jesus gebruik vir “visioen”, **horama** – 'n gesig wat goddelik verleen is in ekstase of tydens slaap. Onthou, toe die dissipels hierdie ondervinding gehad het, het nóg Moses nóg Elia na die hemel opgevaar. Net soos Paulus se ondervinding, was dit duidelik 'n visioen – nie 'n mistieke besoek van twee ontslape mense nie!

Derhalwe, net soos Petrus, Jakobus en Johannes nie werklik na die hemel opgevaar het tydens hulle visioen van die verheerlikte Jesus saam met Moses en Elia nie, kan ons verstaan dat Paulus ook nie werklik na die hemel opgevaar het of betrokke was in ander gevalle van “astrale projeksie” of buite-die-liggaam reise nie. Sommige mense mag vandag voel dat hulle 'n “buite-die-liggaam ondervinding” gehad het wat vir hulle werklik voel, maar die Bybel onthul dat hulle verkeerd is! **WYM**

Profesie neem

Duitsland se stille terugkeer!

Twee keer in die vorige eeu het Duitsland se pogings om Europa deur militêre optrede te oorheers, die kontinent met bloed-bevlekte ruïnes gelaat! Duitsland het egter in die laaste paar dekades – stadig maar seker – weereens begin om 'n oorheersende rol in Europa te speel: Ekonomies, polities en selfs militêr. Bybelprofesieë het lank gelede al die herlewings van Duitsland net voor die wederkoms van Jesus Christus voorspel. Ons sien hoe hierdie antieke profesieë *vandag besig is om gestalte aan te neem!*

'n Meervlakkige heropbou!

Na aanleiding van die geweldige Duits-geïnduseerde bloedbad van twee wêreldoorloë, het versierende politieke leiers in Europa gepoog om die bloedige konflikte tussen buurlande te beëindig deur die nasies van Europa in 'n ekonomiese en politieke unie saam te snoer. Die Europese Ekonomiese Gemeenskap van die 1950's en die Europese Unie van die 1990's, was grootliks Frans-geïnspireerde pogings om Duitsland aan Europa te bind om toekomstige oorloë op Europese bodem te voorkom. Gedurende daardie jare het die herboude Duitse ekonomie die “lokomotief” geword wat Europese nasies na 'n “al-ho-hegter unie” gedryf het. Party mense het die EEG en EU beskou as 'n Franse ruiter wat 'n sterk Duitse perd lei!

Die politieke landskap het nogtans *dramaties verander* toe die Berlynse Muur (wat Oos- en

Wes-Duitsland van mekaar geskei het) in November 1989 geval het. Die “verrassende hereniging” van die twee Duitslande in Oktober van 1990 het 80 miljoen Duitsers in die hart van Europa byeengebring, en Duitsland het skielik die nasie met die grootste bevolking in die EU geword. Terwyl die Duitsers hul hoofstad van Bonn na Berlyn verskuif het, het een opmerksame Ierse leier opgemerk: “Die Duitse perd het sy Franse ruiter afgegooi en koers gekies na Berlyn” – wat nou die EU se tweede grootste stad, naas Londen is, heelwat groter as Madrid, Rome, Parys of Brussel. 'n Ander waarnemer het opgemerk dat “dit meer as duidelik is dat die Duitsers die stuurstang vashou, en die Franse trap” (*Der Spiegel*, 20 Desember 2010).

In onlangse jare het Duitsland die sterkste ekonomie in Europa en die vierde grootste ekonomie in die wêreld ontwikkel. Duitsland is ook die grootste bydraer tot die EU se begroting en die Duitse stad Frankfurt bied 'n tuiste vir die Europese Sentrale Bank. As gevolg van Duitsland se groeiende finansiële invloed was die Federale Republiek van Duitsland in staat om aan te dring op voorwaardes vir die ooreenkomste om EU-lede (Griekeland, Ierland en moontlik Spanje, Portugal en Italië) te borg in die voortgaande finansiële krisis in Europa – dit was *uiters kommerwekkend* vir ander lede van die Europese Unie (*Der Spiegel*, 20 Desember 2010). Duitsland het ook gekoukus vir meer toesig en

sentrale beheer oor die nasionale begrotings van EU-lede. Daar was selfs bespiegeling dat, indien EU-lede nie in staat is om ooreen te kom oor die wyse waarop hulle hul voortgesette finansiële krisis kan oplos nie, Duitsland die monetêre unie mag verlaat (saam met ander meer finansiële-stabiele noordelike en sentrale Europese lande) en moontlik weer die Duitse mark in plek van die euro kan instel (*Der Spiegel*, 27 Desember 2010). Duitsland sou die *ooglopende leier* van enige nuwe vorm van Europese nasies wees.

Duitse militêre herlewings

Selfs meer interessant en onheilspellend is Duitsland se aktiwiteite in die militêre sfeer! Duitsland en Frankryk het in 1987 'n Frans-Duitse militêre brigade op die been gebring, waardeur hul soldate saam kon werk in die verdediging van Europa. In Desember 2010 sien Frankryk die eerste ontplooiing van Duitse soldate op Franse grondgebied, sedert die Tweede Wêreldoorlog. Die Duitse soldate, lede van die Frans-Duitse brigade, is in Strassburg ontplooi – 'n gebied waarvoor Duitsland en Frankryk al vir die laaste eeu twis (*Detroit Free Press*, 10 Desember 2010). Duitsland het ook 'n leidende rol gespeel in die bevordering van 'n gemeenskaplike beleid vir die aankoop van toerusting deur die Europese militêre owerhede.

In 1995 het Duitse soldate begin om buite Duitsland diens te doen as deel van 'n NAVO-

gestalte aan

vredesmag in die Balkans – 'n mag wat sedertdien dikwels onder Duitse *bevel gestaan* het. In 2006 het Duitse troepe, as deel van 'n Verenigde Nasies-vredesmag wat in die Kongo ontplooi is, vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog, aksie in Afrika gesien. Ook in 2006 was Duitse magte vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog, in die Midde-Ooste ontplooi toe die Duitse vloot die kuslyn van Libanon begin patrolleer en Duitse vlieëniers verkenningsvlugte onderneem het. In 2007 stuur Duitsland troepe en vegvliegtuie na die oorlog in Afganistan, as deel van 'n NAVO-sending. Karl-Theodor zu Guttenberg, Duitsland se minister van verdediging, het in Desember 2010 'n goedgepubliseerde besoek afgelê aan Afganistan om meer as 4,000 Duitse troepe wat in daardie land gestasioneer was, te bemoedig (*The Local*, 28 Desember 2010). In 2008 is Duitse gewapende magte na die Horing van Afrika gestuur om seerowers in daardie rustelose gebied te help beveg (*euobserver.com*, 12 Oktober 2008). Vandag, 65 jaar ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog, doen meer as 8,000 Duitse troepe diens in verskeie dele van die wêreld – 'n feit wat grootliks deur die Duitse volk en die samelewing van die wêreld aanvaar word.

Heeltemal onbekend aan die meeste mense, laat die Duitse Lugmag sedert 1958 sy stralers se vegvlieëniers in Amerika oplei by die Holloman Lugmagbasis naby Alamogordo,

Nieu-Meksiko – gedeeltelik te danke aan die uitstekende vliegweër reg deur die jaar in hierdie dun bevolkte gebied. Hierdie “bobaas” Duitse vlieëniers word opgelei in Amerikaanse-ervarende F-4F *Phantoms* en Europees-ervarende *Tornado* straalvegters. Sommige van die Amerikaanse Lugmag se mees gevorderde vliegtuie – die F-117 *Nighthawk* “sluip”-vegter en die F-22 *Raptor*-vegter – was ook op die Holloman Lugmagbasis aangehou. Is dit betekenisvol dat, voor die Tweede Wêreldoorlog, Duitse vlieëniers stilweg in Frankryk opgelei was en dat Duitse tenks in Rusland beproef was? Die besonderhede van Duitsland se huidige militêre terugkeer mag vir sommige mense lyk na nieverbandhoudende en onbelangrike brokkies historiese *onbenullighede*, maar hierdie tipiese Duitse voorbereidings **sal** 'n rol speel in 'n groter eindtydse prentjie.

Ernstige gevolge

Dosyne profesieë in die Bybel wys duidelik daarop dat, net voor Jesus Christus se wederkoms, Duitsland (in u Bybel as “Assirië” geïdentifiseer) weer 'n prominente rol sal speel op die wêreldverhoog en 'n groot impak sal hê op moderne Israel (nie net die moderne Joodse nasie van Israel nie maar ook die Amerikaners en die nasies van Britse afkoms). Lank gelede, in profesieë wat 'n *tweeledige toepassing het vir vandag*, het God die Israeliete gewaarsku dat indien hulle ongehoorsaam sou wees aan Sy wette en hulle

sou distansieer van Sy lewenswyse, daar *ernstige gevolge* sal wees – insluitend militêre nederlaag en ballingskap in vreemde lande (Levitikus 26; Deuteronomium 28). Die profeet Jesaja het voorspel dat God Assirië sal gebruik as die “roede van my toorn ... Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid” (Jesaja 10:5-11). Die profeet Hosea het gewaarsku dat die Israelitiese volke sal opsien na Assirië in 'n tyd van nood (Hosea 7:11-12, 12:1), maar dat Assirië en sy bondgenote op hulle beurt die Israelitiese volke sal wegvoer in ballingskap (Hosea 2:5-13, 5:13; Jeremia 30:4-14, *kyk ook veral Esegïël 23:5,9,22*) – *want* die Israelitiese volke het hulle Maker “vergeet” en behandel “die groot dinge” in God se wet as “'n vreemde ding” (Hosea 8:1-14). Hosea het voorspel dat, as gevolg van die Israeliete se verwerping van God se opdrag, die Assiriërs “sy koning [sal] wees; *omdat hulle geweier het om hulle te bekeer*” (Hosea 11:1-5). Namate ons die stil, maar bestendige terugkeer van Duitsland na 'n posisie van groot prominensie in Europa waarneem, sien ons hoe hierdie antieke profesieë *vandag besig is om gestalte aan te neem!* Om meer te leer oor Duitsland se impak op toekomstige wêreldgebeure, lees ons Julie-Augustus 2011 *Wêreld van Môre*-artikel “Die groei van 'n leier” of vra vir ons herdrukte artikel, “*Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?*”

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 12 – Ruimte-oorloë aan die kom?

... deur die woord van Sy krag”, of soos die Nuwe Vertaling dit stel: “Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand” (Hebreeërs 1:3).

Ons sien uit na die uiteindelijke toekoms van vrede op aarde, vrede in die ruimte en vrede in die hemele. Na 'n duisend jaar van langdurige vrede sal God se plan dan na die volgende vlak verskuif. Let

daarop: “En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die tranes van

hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan” (Openbaring 21:2-4). Ja, 'n glorieryke toekoms lê voor vir die hemele en vir die planeet Aarde. Mag God u help om voor te berei vir daardie ontsagwekkende lotsbestemming. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 15 – Paasfees of Pasga: Watter een is vir Christene?

Smirna – 'n dissipel van die apostel Johannes – het die kwessie met Pous Anicetus debatteer (ca. 155 n.C.) en daarop aanspraak gemaak dat hy persoonlik deur die apostel Johannes geleer is wat die regte manier is om dit te onderhou.

Later “is 'n poging van Pous Victor die Eerste (189-198 n.C.) om die Roomse gebruik [Paasfees] af te dwing, onsuksesvol bewys as gevolg van verbete teenstand gelei deur Polykrates, Biskop van Efese [’n kerk wat deur die apostel Paulus gestig is]... Almal het die Roomse gebruik aanvaar, behalwe die Asiatiese biskoppe. Nadat Victor afpersing probeer het deur hulle uit die kerk te verban, het St. Iranaeus van Lyons tussenbeide getree om die vrede te herstel (*Eusebius, History Ecclesiastical*, 5. 23-25). Gedurende die

derde eeu het Quarto-decimanisme afgeneem; dit het egter bly voortbestaan in sommige Asiatiese gemeenskappe tot in die vyfde eeu” (*New Catholic Encyclopedia*, 1967, vol.5, bl. 8; vol.12, bl. 13).

Die feit dat hierdie gebruik uit die gesigsveld verdwyn het, is geen verrassing nie. Die Christene wat voortgegaan het met hulle Quartodecimanisme is uit die kerk verban en vervloek in die vierde eeu deur die steeds sterker-wordende Roomse kerk, met die gevolg dat baie van hulle die verskriklikste vervolging verduur het – selfs die dood. Dit is duidelik dat die Asiatiese kerke dit as uiters belangrik beskou het om die Pasga op 14 Nisan te vier!

In werklikheid het hierdie gebruik om die Christelike Pasga te onderhou, nie uitgesterf nie, maar gaan

vandag nog steeds voort as 'n getroue onderhouding, in die aand, aan die begin van 14 Nisan elke lente (noordelike halfrond), deur ware Christene.

Die Bybel leer ons dat dit vir ons belangrik is om God te aanbid soos Hy ons beveel – en om Christus te gedenk soos Hy ons geleer het om dit te doen. Ons behoort nie godsdienstige gebruike te leen van heidense kulture nie! Hierdie lente (noordelike halfrond) sal milarde mense Paasfees vier. 'n Paar ware Christene, wat Jesus se opdragte en die voorbeeld van die apostels Paulus en Johannes getrou navolg, sal egter met vreugde voortgaan om die Christelike Pasga te onderhou. Watter een gaan u kies? **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 7 – Wanneer sal Christus terugkeer?

beskryf as 'n “reine maagd” vir Christus. In Efesiërs 5 beskryf Paulus die kerk in die rol van 'n vrou met Christus as man (verse 23-25). In Openbaring 12:6 en 12:14, word die Kerk uitgebeeld

as 'n vrou op vlug na 'n plek van veiligheid in die “woestyn”.

In Openbaring 17 beskryf God egter 'n groot **gevalle** kerk as “die moeder van die **hoere** en van die gruwels van die aarde”

(vers 5). Johannes was geïnspireer om aan ons te sê: “Ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate

verwonder toe ek haar sien. Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra” (verse 6-7). Hierdie geestelike **dronk** kerk is dus ook 'n groot **vervolgsugtige** kerk. Dit sal ook op die Dier, die finale herlewing van die Heilige Romeinse Ryk, ry en dit lei.

Namate hierdie vieslike godsdienstig-politieke stelsel in Europa saamkom, en as 'n groot Valse Profeet verrys “volgens die werking van die Satan met allerhande **kragtige dade en tekens en wonders van die leuen**” (2 Thessalonicense 2:9), sal ontelbare miljoene Amerikaners, Kanadese, Britte en Europeërs verlei word en selfs *onder druk geplaas* word om deel te word van hierdie verrotte stelsel. Baie van u wat nou hier lees mag in die versoeking kom om “aan te sluit”, steun te verleen of ten minste “mee te doen”!

Moet nie mislei word deur hierdie stelsel nie!

God self waarsku tog uitdruklik daarteen dat Christene deelneem aan hierdie bese stelsel: “**Gaan uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van

haar **plae** ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou” (Openbaring 18:4-5). Inderdaad, God se direkte plae gaan oor hierdie stelsel kom en oor **almal** wat deel is daarvan! (sien Openbaring 16).

Dus, WANNEER sal Christus terugkeer?

Ek sê vir julle in alle erns dat Jesus Christus **nie sal** terugkeer na hierdie aarde voordat ons die **m e e s a n g s w e k k e n d e**, aardskuddende, ontsettende en **kolossale** dinge beleef het sedert mense hierdie planeet begin bewoon het nie. Belydende Christelike predikante wat sê: “Christus kan **vannag** kom”, is so uit voeling met die waarhede van die Bybel dat dit byna ongelooflik is! Aan die ander kant, vir daardie ware Christene wat sterf voor Christus se wederkoms, *kan* Hy werklik “vannag kom”. Niemand van ons weet presies hoeveel dae of jare elkeen van ons oor het in ons huidige lewe nie.

In elk geval, onthou God Self openbaar duidelik in Sy geïnspireerde Woord 'n *hele reeks* van gebeurlikhede wat moet plaasvind *voor Christus se wederkoms*. Indien u bereid is om

werklik u lewe aan God te **onderwerp** en die lewende Christus toe te laat om *u lewe* te **beheer**, mag u inderdaad deel word van daardie “klein kuddetjie” van God, deel word van die ware Kerk wat na 'n plek van **veiligheid** op hierdie aarde geneem sal word tydens die komende Groot Verdrukking (Openbaring 12:14).

Jesus Christus beveel ons almal toe Hy van hierdie gebeure praat: “So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, **hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie**. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. **Waak** dan en **bid** altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te **ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:31-36). **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

om hulle voor te berei om te leef en te werk in die pluralisme van 'n wêreldwye samelewing. Hierdie instellings vul jong mans en vroue met deeglike wêreldse begrip, doelwitte en ideale. Tog word die grondslag van kennis, die Woord van God, weggelaat. Studente mag leer hoe om 'n inkomste te verdien en om die politieke werklikhede van die wêreld te stuur, maar leer nie

hoe om op 'n goddelike manier te lewe nie.

Ons behoort nie verbaas te wees dat al hoe minder mense in ons hedendaagse wêreld bereid is om hul te verbind om dieselfde soort lewe te lei as die outentieke, oorspronklike Christendom nie. Ek hoop u is 'n uitsondering. Deur middel van hierdie tydskrif en die *Tomorrow's World* se beeldsendings, bemoedig

ons miljoene mense om die opwindende Bybelse lewenswyse te ervaar. Om volgens God se woord te lewe beteken natuurlik ons moet presies weet wat dit behels en 'n opregte verbintenis ontwikkel om dit te doen. Die eerste stap is om die regte opleiding te bekom ongeag ons ouderdom, geslag, ekonomiese of sosiale status.

Ek het geleer dat ware onderwys, soos die Skrif dit bied, veel dieper strek as om net kennis te verwerf. Dit moet aan ons die geestelike waardes leer, waarsonder alles wat nagestreef word tot mislukking gedoem sal wees! Ware onderwys moet gebaseer wees op die Waarheid van God. Slegs 'n persoon wat gewillig is om van die Groot Leermeester te leer en Sy voorbeeld te volg, sal 'n behoorlike fondament kan bou om ware kennis te ontvang.

In die vier jaar sedert ek die *Living University* tot stand gebring het met die hulp van 'n handjievol fakulteitslede van die voormalige *Ambassador University*, het honderde studente aan-lyn kursusse in teologie voltooi, wat hul lewens grootliks verryk het. Verlede semester het meer as 200 volwasse leerders ingeskryf. Mens weet nooit hoe studente na die *Living University* gelei sal word nie. Ek deel graag met u die verhaal van een so 'n geval. In haar eie woorde:

“Tot my grootste verbasing, het ek eendag verlede somer op 'n boekie, getiteld *The United States and Great Britain in Prophecy*, op my eie boekrak in my eie kelder afgekom. Ek het gegaan om 'n boek oor die glukemiese indeks op te spoor. Ek het gedink ek weet presies waar die boek is, hoewel die bogenoemde boekie, geskryf deur Herbert W. Armstrong, in daardie boek se plek was. Die inhoud van hierdie boekie het my verras. Net na ek dit klaar gelees het, was ek op die Internet op soek na hierdie mnr. Armstrong. Gevolglik het ek myself nie net op die *Living Church of God* se webwerf bevind nie, maar het ek ook ingeskryf vir kursus THL 135 ...”.

Ware onderwys – die herinstelling van egte en permanente waardes – is die onderliggende fokus van die *Living University*. In alles wat ons by die *Living University* doen, daag ons mekaar uit om ons missie te vervul, om “Egte Waardes

weer in te stel”. Die *Living University* verleen insig en diepte aan die bestudering van God se Woord en help met die ontwikkeling van die hele persoon vir Christelike leierskap en diens. Die studente word geleer om Bybelse waardes toe te pas op elke faset van die lewe – met inbegrip van kuns, literatuur, gesondheid, wetenskap, musiek en menslike verhoudings. Hierdie geleentheid bied persoonlike en geestelike ontwikkeling.

Natuurlik het die universiteit ondersteuning nodig om te kan funksioneer. Die Lewende Kerk van God voorsien elke jaar 'n basiese toelaag om sy bedrywighede te finansier. Om egter effektief te kan funksioneer, het dit die ondersteuning nodig van diegene wat bereid is om by te dra, hetsy deur gebed of skenkings of om in te skryf vir kursusse. Indien u graag meer wil weet aangaande die geleentheid wat die *Living University* bied, en hoe u deel kan hê aan hierdie belangrike strewe as 'n student of ondersteuner, besoek asseblief die universiteit se webwerf: www.livinguniv.com.

Die geskenk van ware onderwys by die *Living University* – een van die waardevolste pogings van ons tyd – help om individue voor te berei vir potensiële rolle as toekomstige leiers in God se werk in hierdie laaste dae. Die *Living University* beoog om, deur die opleiding van Christelike leiers oral in die wêreld, onderrig in God se Weg oor geografiese grense heen te neem na alle mense. Soos die leuse lui: “Die Hele Wêreld is Ons Kampus”.

Stel u belang in die ontwikkeling van u potensiaal as *leier*? Stel u belang om u *werklik* voor te berei vir *u aandeel* in Christus se komende Koninkryk – die naderende Regering van God wat ná Christus se wederkoms oor hierdie hele wêreld sal heers? *Tree dan op!* Raak betrokke by die *Living University* deur u toegewyde gebede, oorweeg dit om ten volle betrokke te raak deur in te skryf vir klasse aan die *Living University*, wat aan u 'n werklike voorskou sal bied van *ware onderwys* in die Wêreld van Môre!

